



PRO VERITATE

C. J. LABUSCHAGNE

Fanaticism and Extremism Unmasked and Cured

W. B. DE VILLIERS

„Wat is Waarheid?“

ROBERT ORR

Ecumenical Opportunities in South Africa Today

H. GORIS

Die Wêreld 'n Malhuis?

B. ENGELBRECHT

Die Kerkbode Verraai Skuldbesef



PRO VERITATE

REDAKSIE

REDAKTEUR:

Dr. B. Engelbrecht.

REDAKSIONELE KOMITEE:

Biskop B. B. Burnett; Eerw. J. de Gruchy; Eerw. A. W. Habelgaarn; Eerw. E. E. Mahabane; Eerw. J. E. Moulder; Ds. C. F. B. Naudé; (Voorsitter); Eerw. R. Orr; Prof. dr. A. van Selms.

ADMINISTRASIE/ KORRESPONDENSIE

SIRKULASIEBESTUURDER:

Dr. W. B. de Villiers.

Alle brieue vir die redaksie en administrasie aan: Posbus 487, Johannesburg.

INTEKENGELD

Intekengeld is vooruit-betaalbaar.

Land- en seepos: R1 (10/- of \$1.40) — Afrika; R1.50 (15/- of \$2.10) — Oorsee.

Lugpos: R2.00 (£1 of \$2.80) — Afrika; R3.50 (£1.17.6 or \$5.00) — Oorsee

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

LET WEL

Die redaksie van Pro Veritate verklaar dat hy nie verantwoordelik is vir menings en standpunkte wat in enige ander artikel van hierdie blad verskyn as die inleidingsartikel en redaksionele verklarings nie.

PRO VERITATE verskyn elke 15de van die maand.

(Prys per enkel-eksemplaar 10c)

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA
CHRISTELIKE MAANDBLAAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper
By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer

IN THIS ISSUE . . .

- Our Editorial: It benefits the overseas image of South Africa that there are people in our country who reject the policy of apartheid as unchristian. P. 1
- Dr. C. J. Labuschagne: True conversion, such as that of St. Paul, means the end of fanaticism and extremism from which we are also suffering so heavily at present P. 4
- Dr. Bruckner de Villiers: "What is truth?" The decision of the General Synod of the N.G. Kerk concerning the Christian Institute causes the foundations to crumble under one's feet. P. 5
- Rev. Robert Orr: Problems are opportunities in disguise — this also holds true of the ecumenical situation in South Africa to-day. P. 7
- H. Goris: Our attitude towards life in a world ripe with confusion must be determined by the achieved victory of Christ. P. 10
- Prof. B. B. Keet; Dr. E. Carson Blake sermonizes on spiritual pride; the attacks on Prof. van Selms on account of his articles in Pro Veritate have elicited unfavourable reactions overseas; the Nederlandse Hervormde Kerk has expressed its appreciation of the person and work of a deceased R.C. bishop P. 11
- The Words of Men: Die Kerkbode says that the church in South Africa need confess no guilt on account of A. Fischer's becoming a communist, and sallies forth against the Rev. C. F. B. Naudé without restraint; the Rev. A. J. V. Burger states that the decision of the General Synod concerning the Christian Institute was taken under the guidance of the Holy Spirit P. 12
- Ons Inleidingsartikel: Dit is bevorderlik vir die beeld van Suid-Afrika in die buitenland dat daar in ons land mense is wat die apartheidbeleid as onchristelik verwerp. Bl. 2
- Dr. C. J. Labuschagne: Die ware bekering, soos dié van Paulus, is die einde van fanaticisme en ekstreemisme, waaraan ook ons tan so swaar ly. Bl. 4
- Dr. Bruckner de Villiers: „Wat is waarheid?“ Die Algemene Sinode van die N.G. Kerk se besluit oor die Christelike Instituut laat die fondamenta onder 'n mens se voete verkrummel. Bl. 5
- Eerw. Robert Orr: Probleme is verhulde geleenthede — dit geld ook van die ekumeniese situasie in Suid-Afrika vandag. Bl. 7
- H. Goris: Ons lewenshouding in 'n verwonde wêreld moet bepaal word deur die volbragte oorwinning van Christus. Bl. 10
- Prof. B. B. Keet; Dr. E. Carson Blake preek oor geestelike hoogmoed; die aanvalle op prof. van Selms oor sy artikels in Pro Veritate, het in die buitenland ongunstige reaksies uitgelok; die Nederlandse Hervormde Kerk het sy waardering uitgespreek vir die persoon en werk van 'n gestorwe R.K. biskop. Bl. 11
- Die Woorde van die Mense: Die Kerkbode sê dat die kerk in Suid-Afrika geen skuld te bely het oor die feit dat A. Fischer 'n kommunis geword het nie, en trek onbeheersd te valde teen ds. C. F. B. Naudé; ds. A. J. V. Burger verklaar dat die besluit van die Algemene Sinode oor die Christelike Instituut onder laiding van die Heilige Gees geskied het. Bl. 12

IN HIERDIE UITGawe

Editorial:

The Image of South Africa Overseas

Everyone who at some time or another since the late forties found himself in the situation of listening on foreign soil among foreigners to their utterances and thoughts concerning our country realises that the image of South Africa overseas is rather unfavourable and seldom flattering for a South African who ventures beyond our borders. That the racial politics of the government which has been in power since 1948 is responsible for the moral debit on our overseas account is a statement which needs no detailed justification. It is also easily understandable that the whole of the Christian Western world should avert itself with revulsion from any political system based upon a policy of racial discrimination (between or against; whether morally justifiable or not). So thorough is this revulsion, and frequently also so fanatic, that, as far as South Africa is concerned, it conjures up for many all kinds of terrifying spectres with regard to conditions in this country. That is why it is in all respects to be welcomed when responsible foreigners themselves come and have a look at what is going on here, and afterwards, upon their return to their own countries, go and put in a good word for us. Thus they often also provide for the sweet drops in the poisonous cups of venom which are mixed for our country.

One thing is certain, however, and that is that South Africa is stuck with a racial problem the implications of which are of interest for the whole wide world, and that its "solution" is being sought by us along the way of a universally unacceptable racial discrimination. We have indeed devised all kinds of pretty words and policy adjustments to circumvent the ugly word "discrimination", but the fact is that we are dealing with discrimination all along; and as long as apartheid, in all the nuances which it may have as word and in all the modifications to which it may be subjected as policy, remains the reigning policy in South Africa, we shall be dealing with discrimination. The reigning policy in South Africa is one which resists "fraternisation" between white and non-white on all levels of existence. Whether it be right or wrong is no cut and dried affair on the basis of a categorical yes or no, except inasmuch as it impinges on the sphere of Christian faith. In Christ we are each other's brethren and members of one another. He who denies this does so at the cost of the Gospel itself.

But from this point on our thoughts start multiplying within us and we are driven forth in an unrest of conscience by the question what Christian brotherhood implies for our life as we live it now in the flesh, among men. Is the Church the demarcation of the sphere of Christian faith and brotherhood, or where do its boundaries lie? In any case, it may perhaps be conceded that Christian brotherhood in a complicated social structure, in which, moreover,

national, linguistic, cultural and racial differences figure so largely, need not necessarily mean that it should gainsay the policy of apartheid in all its aims and forms of application. It should be clear to everybody, however, that apartheid as a political policy places a Christian people, with its government and church and all, upon the sharp edge of a knife. With it we have chosen a risky way and have set foot on the narrow bridge over the chasm of ungodliness. The introduction of the concept of "apartheid" into the Christian idiom has brought into it a dangerous foreign element which, if it is not handled with the greatest circumspection and reserve, can spell the end, the radical death of the Christian faith.

To return to the overseas image of South Africa. Church and political leaders in South Africa are concerned that people overseas should entertain such a distorted image of conditions in our country. Inasmuch as this image is really distorted and must be blamed upon misinformation and maliciousness, every good citizen of the country must share this concern. We cannot get away from it, however, that in apartheid as such and in its consequences there is, in fact, something very much awry. Honestly to admit this, is, as it were, the last slender thread by which hangs the justifiability of apartheid in a Christian view. But one cannot escape the impression that every denial of apartheid and every condemnation of the evil consequences this policy brings in its train, even if they be exclusively intended for the discussion (which ought to be) conducted in South Africa, elicit the wrath of the apologists of policy in the Church as well as the party because they see them as harmful for our overseas image; for it is inevitable that they should also be heard overseas.

What is more harmful for South Africa, however, than an anxious justification of a policy which, seen from all viewpoints, is as controversial as the one which is being practised in our country? What greater disservice can be rendered our country than by an increasing intolerance towards all criticism of a policy which is questionable to its core? What transforms apartheid more into an intolerant heretical ideology, upon which the whole Christian world will turn its back, than the religious sanctioning of it? Of this, too, notice is taken overseas. On the other hand: South Africa could not be better served in this matter than by a frank admission and an outspoken declaration of the contentiousness of its policy; by allowing the critics of the policy to state their case without their being subjected to threatening growls; and by leaving room for actions, whether spontaneous or organised, through which people who do not believe in apartheid can unhamperedly realise the implications of

Christian faith as they see it. There are, however, disturbing indications that it is characteristic of apartheid not to tolerate this — from which it becomes evident how dangerous such a foreign element can become if once it is permitted within the domain of Christian faith. If it has come thusfar, it is after all still the best service that can be rendered South Africa if there are people who unconditionally reject this policy as an ideology in conflict with Scripture. From this witness, then, may the world know that Christian faith in South Africa has not yet died its final death.

There are matters which cause even the most sympathetic judges of our case in the Christian world outside South Africa the deepest concern about us and even make them despair of us: When during an interview on television a responsible churchman appeals to differentiation in creation and to Acts 17:26 in order to state that apartheid, as accepted and applied in South Africa, is God's will; when theological professors whose trustworthiness and competence command respect also overseas become hounded men in their own church because of their criticism of apartheid; when official church journals can no longer be distinguished from party-political propaganda papers; when the American extremist communist-hunting, which is abominated

there in responsible church circles, can penetrate into the most influential churches in South Africa like a pestilence and is conducted here with official church authority; when these churches steadfastly give the impression that they insist upon endorsement of the basic formulas of apartheid as a condition for their ecumenical relationships with other churches here and overseas; when a Synod of the N.G. Kerk reproaches an overseas Christian university for awarding an honorary doctorate to somebody like Martin Luther King because of the latter's "communist sympathies" and allows its decision in this regard to be defended in a truly pathetic fashion by a theological professor; when the General Synod of the N.G. Kerk advances credal grounds inter alia for its condemnation and rejection, obviously for political reasons, of the Christian Institute, whilst it is unable to substantiate its allegation of credal error with a single argument from Scripture or creed; et cetera, et cetera.

The harm these things are doing to the image of South Africa overseas can, humanly speaking, no longer be made undone. The only ray of light, then, which Christendom overseas still discerns for South Africa is, understandably enough, that some men are left who outspokenly reject the reigning policy as unchristian.

Inleidingsartikel:

Die Beeld van Suid-Afrika in die Buiteland

Dat die beeld wat daar van Suid-Afrika in die buiteland bestaan, maar taamlik ongunstig en selde vir 'n Suid-Afrikaner wat dit buite ons grense waag, vleiend is, besef elkeen wat op een of ander tydstip sedert die laat veertigerjare in die situasie was dat hy op vreemde bodem tussen vreemdes moes aanhoor hoe daar oor ons land gepraat en gedink word. Dat die rassepolek van die regering wat sedert 1948 aan bewind is, vir die morele debiet op ons buitelandse rekening verantwoordelik is, is 'n stelling wat teen niemand nader verantwoord moet te word nie. Dit is goed verklaarbaar dat die hele Christelik-westerse wêreld hom met weersin sal afkeer van enige politiek waaraan 'n beskouing van rassediskriminasie (tussen of teen; moreel regverdigbaar of nie) ten grondslag lê. So grondig is hierdie weersin, en dikwels ook so fanatiek, dat dit, wat Suid-Afrika betref, by baie allerlei skrikwekkende spookbeelde optower oor toestande hier te lande. Daarom is dit

allerweé te verwelkom as verantwoordelike buitelanders self kom kyk wat hier aangaan en daarna in hul lande waarheen hulle terugkeer, 'n goeie woordjie vir ons gaan doen. So sorg hulle baiemaal ook vir die soet druppels in die gifbekers van venyn wat vir ons land gemeng word.

Een ding staan egter vas, en dit is dat Suid-Afrika nou eenmaal met 'n rasvraagstuk te doen het waarvan die implikasies vir die wye wêreld van belang is, en dat die „oplossing“ daarvan nou eenmaal deur ons gesoek word langs 'n weg van 'n algemeen onaanvaarbare rassediskriminasie. Ons het wel allerlei mooi woorde en beleidsaanpassings versin om om die lelike woorde „diskriminasie“ heen te loop, maar feit is dat dit steeds om diskriminasie gaan; en solank as wat apartheid, in al die nuanses wat dit as woorde mag hé en in al die modifikasies wat dit as beleid mag ondergaan, die heersende politiek in Suid-Afrika is, sal dit om diskriminasie

gaan. Die heersende politiek in Suid-Afrika is een wat „verbroedering” op alle lewensterreine tussen blank en nie-blank teenstaan. Of dit reg is of verkeerd, is nie met ‘n kategoriese ja of nee ‘n kant en klaar uitgemaakte saak nie, behalwe vir sover dit die sfeer van die Christelike geloof betref. In Christus is ons mekaar se broeders en lede van mekaar. Wie dit weerspreek, doen dit teen die prys van die Evangelie self.

Maar van hier uit vermenigvuldig ons gedagtes in ons en word ons in gewetensonrus uitgedryf voor die vraag wat Christelike broederskap vir ons lewe soos ons dit nou in die vlees, onder die mense leef, impliseer. Is die kerk die demarkasie van die sfeer van die Christelike geloof en broederskap, of waar lê die grense daarvan? In elk geval, dit kan missien toegegee word dat Christelike broederskap in ‘n gekompliseerde maatskaplike struktuur, waarin bowendien nog volks-, taal-, kultuur- en rasverskille so sterk meespreek, nie noodwendig hoef te beteken dat dit die apartheidsbeleid in al sy oogmerke en toepassingsvorme moet weerspreek nie. Dit behoort egter vir almal duidelik te wees dat apartheid as politieke beleid ‘n Christenvolk, met owerheid en kerk en al, op die snykant van die skeermes stel. Ons het daarmee ‘n riskante weg ingeslaan en die smal brug betree oor die afgrond van goddeloosheid. Die invoering van die begrip „apartheid” in die Christelike spraakgebruik het ‘n gevaaalike vreemde element daar ingebring wat, as daar nie met die grootste omsigtigheid en voorbehoud mee omgegaan word nie, die einde, die radikale dood van die Christelike geloof kan betekende.

Om na die beeld van Suid-Afrika in die buitenland terug te keer. Kerk- en owerheidsfigure in Suid-Afrika maak hulle besorgd daaroor dat die buitenland so ‘n skewe beeld van toestande in ons land het. Vir sover die beeld werklik skeef is en gewyt moet word aan waningelegtheid en kwaadwilligheid, moet elke goeie burger van die land hierdie besorgdheid deel. Ons kan egter nie daarvan wegkom dat daar in apartheid as sodanig en in sy gevolge inderdaad veel skeefs is nie. Die eerlike erkenning hiervan is soos ‘n laaste draadjie waaraan die Christelike bestaansreg van apartheid hang. Maar ‘n mens kan aan die indruk nie ontkom nie dat elke weersprekking van apartheid en elke veroordeling van die kwalike gevolge wat die beleid meebring, selfs al is dit uitsluitlik bedoel vir die diskussie wat in Suid-Afrika gevoer (behoort te) word, die grimmige toorn van die beleidsapologete in die kerk en in die party uitlok omdat hulle dit sien as skadelik vir ons beeld oorsee; want dit is onvermydelik dat dit ook in die buitenland gehoor word.

Wat is egter skadeliker vir Suid-Afrika as ‘n angervallige regverdiging van ‘n beleid wat, vanuit alle oopspunte gesien, so aanvegbaar is soos dié wat tans in ons land gevoer word? Watter groter ondiens kan daar aan ons land bewys word as ‘n toenemende onverdraagsaamheid teenoor alle kritiek op ‘n beleid wat tot in sy kern onder die vraagteken staan? Wat maak apartheid meer tot ‘n intolerante ketterse ideologie, waarop die ganse Christelike wêreld die rug sal keer, as die religieuse sanksione-

ring daarvan? Ook hiervan word daar in die buitenland kennis geneem.

Aan die ander kant: Beter kan Suid-Afrika nie in hierdie saak gedien word nie as daardeur dat die aanvegbaarheid van sy beleid ronduit erken word en met vrymoedigheid uitgespreek word; dat die kritici van die beleid hulle stemme kan laat hoor sonder om dreigende knorre terug te ontvang; en dat daar ruimte gelaat word vir aksies, spontaan of georganiseerd, waardeur mense wat nie in apartheid glo nie, die implikasies van die Christelike geloof, soos hulle dit sien, ongehinderd kan uitleef. Daar is egter verontrustende aanduidings dat dit aan apartheid eie is om dit nie te duld nie — waaruit blyk hoe gevaaalik so ‘n vreemde element kan word as hy eenmaal op die erf van die Christelike geloof toegelaat word. As dit so ver is, is dit per slot van sake nog die beste diens wat aan Suid-Afrika bewys kan word as daar mense is wat dié beleid as ‘n Skrifteenstrydige ideologie onvoorwaardelik verwerp. Daaruit mag die wêreld dan weet dat die Christelike geloof in Suid-Afrika nog nie sy laaste dood gesterf het nie.

Daar is dinge wat selfs by die simpatiekste aanhoorders van ons saak in die Christelike wêreld buitenland ‘n diepe kommer oor ons veroorsaak en hulle selfs aan ons laat wanhoop: As ‘n verantwoordelike kerkman in ‘n onderhoud voor ‘n beeldradio-uitsending hom op die differensiasie in die skepping en op Hand. 17:26 beroep om te verklaar dat apartheid, soos in Suid-Afrika gehuldig en toegepas, God se wil is; as teologiese professore, wie se betroubaarheid en bekwaamheid ook in die buitenland eerbied afdwing, vanweë hulle kritiek op apartheid verjaagdes in hulle kerk word; as amptelike kerklike organe nie meer van party-politieke propagandablaeie onderskei kan word nie; as die Amerikaanse ekstremistiese kommunistejag wat daar in verantwoordelike kerklike kringe verfoei word, die invloedrykste kerke in Suid-Afrika soos ‘n pes kom binnedring en met amptelike kerklike gesag hier gevoer word; as hierdie kerke steeds die indruk wek dat hulle die onderskrywing van die basisformules van apartheid vir hulle ekumeniese betrekkinge met ander kerke hier en oorsee, voorwaardelik maak; as ‘n sinode van die N.G. Kerk ‘n buitenlandse Christelike universiteit die toekenning van ‘n eredoctorsgraad aan iemand soos Martin Luther King verwyt vanweë laasgenoemde se „kommunistiese simpatiee”, en die besluit wat hy in dié verband geneem het, op ‘n werklik patetiese wyse deur ‘n teologiese professor laat verdedig; as die Algemene Sinode van die N.G. Kerk o.m. belydenisgronde aanvoer vir die veroordeling en verwerping, klaarblyklik om politieke redes, van die Christelike Instituut, terwyl hy die beweerde belydenisdwaling met geen enkele argument uit Skrif of belydenis kan aantoon nie; ensovoorts, ensovoorts.

Die skade wat hierdie dinge aan die beeld van Suid-Afrika in die buitenland doen, is, menslikerwys gesproke, vir geen regstelling meer vatbaar nie. Die enigste ligpunt wat die Christendom in die buitenland dan nog vir Suid-Afrika sien, is, begryplik genoeg, dat daar mense oorgebly het wat die heersende beleid met uitgesprokenheid as onchristelik verwerp.

FANATICISM AND EXTREMISM UNMASKED AND CURED

The Story of a man who learned to ask "What shall I do, Lord?"

DR. C. J. LABUSCHAGNE

We know very little about Paul before his conversion. He was born in Tarsus, a Roman citizen, of the tribe of Benjamin, brought up in Jerusalem, and, as a pupil of Gamaliel, he was thoroughly trained in Jewish custom and law, and became a zealous member of the Pharisee party. His personal appearance was not impressive, but as a religious man he certainly impressed the High Priest and the whole Council of Elders in the holy city, so much so, that as a young man he was given authority, official authority to direct the persecution of those belonging to the new movement called Christianity. In pious zeal Saul of Tarsus persecuted and arrested anyone he found who followed the new Way, putting them in chains and bringing them to Jerusalem for punishment.

When Stephen was stoned to death, he watched and approved of the murder, and thereafter, driving his horse to ruthless pursuit from city to city, he breathed murderous threats against that new movement, and did his utmost to stamp out what he regarded as a threat to the ancestral religion and to the Jewish way of life.

RELIGIOUS PASSION

Let us try to understand this man: Saul of Tarsus was no Eichmann, who had a lust for blood and indulged in persecution for the sheer joy of haunting and hounding his fellowmen. Saul was a deeply religious man, God-fearing and devout. If one should ask the question posed by the psalmist "Who is the man that fears the Lord?" (Ps. 25:12), the answer could surely be: Saul of Tarsus! Here is a man whose heart had been touched and inflamed by a religious cause. Here is a man whose religious convictions forced him to act, whose love for God and God's people drove him to draw the sword and fight a holy war. Here is a man genuinely concerned about religion and the traditional Jewish way of life, a man deeply disturbed and worried by that new way of life adopted by the followers of the movement that sprang to life after the death of Jesus. Here is a man who not only stood by his convictions, but whose very actions sprang from deep religious convictions. Here is a man we can admire for his pious zeal, his passionate enthusiasm, his dedication to a cause, his zealous activity

demonstrating faith in action, a man who couldn't stand aloof or regard the issues of his time with passive detachment in selfish isolation, like we do in our own time.

Saul of Tarsus is the type of man who appeals to the soul of my own people, the Afrikaner people, and one of our poets aptly described this type of man in exuberant admiration when he wrote:

*"Ek hou van 'n man wat sy man kan staan!
Ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan!
Met 'n oog wat nie wyk,
Wat 'n bars kan kyk,
En 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!"*

Call him a fanatic, an extremist, and we can agree, but we have to concede that his motives were religious. What he did, he did, in his view, for the sake of God and in God's service. He himself explicitly tells us: "**I have always been ardent in God's service . . . , and so I began to persecute this movement to the death**" (Acts 22:3f.). Deep in his heart he was of the opinion that he was rendering God a service by stamping out this new movement so totally opposed to traditional religion, so radically different from the current and traditional way of life. In his view the followers of Christ were a serious threat to the fundamentals of religion and a menace to the very existence of the Jewish people. That's why he sprang into action, entering house after house, persecuting, arresting, chaining, punishing in restless and relentless fervour . . . all for the sake of God and in the name of God. That's

why he was so sure of himself — God was on his side, he was fighting for a just cause, God's cause, the cause of God's people.

SELF-DECEPTION

Thus we find him on that particular day setting spurs to his horse on the way to Damascus, having in his pocket the letters authorising him to hunt down any followers of Christ. Saul the fanatic, Saul the extremist in action. Superficially he gives the impression that he is sure of himself, that the cause he is fighting for is a just cause. But is he? Isn't his restlessness a sure sign of uncertainty? Isn't his fanaticism unmistakable proof of his faltering confidence? Isn't his excessive enthusiasm mistaken enthusiasm? Isn't his pious zeal to persecute his fellowmen a device to conquer the doubts and the misgivings deep down in his own heart? Yes, we should have no doubt about that. Restlessness, fanaticism, extremism, excessive enthusiasm, and the urge to persecute are unmistakable signs of uncertainty and wavering. They are the tokens of one who fights for a lost cause and unconsciously knows it. His actions are those springing from a false conviction. A false cause? A false conviction? Isn't the cause he is fighting for a just cause, God's cause? Isn't his conviction a deep religious conviction, held by the chief priests and the Council of Elders and the Pharisee party, the guardians of the interests of his beloved people, the protectors of the traditional Jewish way of life? This may be so, but there is another question to be asked: Is the cause of the chief priests, the Council of Elders and the Pharisee party indeed God's cause, or is it the cause of Jewish nationalism in religious disguise? God Himself will give us the answer to this one in due course . . .

Did Saul of Tarsus consult God before he mounted his horse? Did he ask that vital question: "**What shall I do, Lord?**" I don't believe

he did. What he did was this: he conferred with the high priests, the Council of Elders, his party members. Did these perhaps, on their part, consult God? I don't think so. With party meetings and council meetings prayer usually happens to be a formality, a formality to open the meeting, to get started after setting up the religious facade. Have you ever read the 47th verse of John 11? Listen: "Thereupon the chief priests and the Pharisees convened a meeting of the Council. 'What action are we taking?' they said." That's it, "What action are we taking?". A prayer? Perhaps. But what does it matter in any case? The question is not 'What shall we do, Lord? What dost thou want us to do?', but 'What action are we taking?'. Have you ever attended a meeting, a religious meeting for that matter, comparing the opening prayer, pious as it may be, with the way matters were conducted and people were talking during the meeting? God knows, I have, and I hope you have also. It's an eye-opener on human behaviour and religious conduct.

DIVINE INTERVENTION

Saul of Tarsus had letters authorising him to take that particular course of action he was taking, but the authorities were the high priests, the Council of Elders and the Pharisee party. He had no letter of authority from God. But he was going to get this letter presently, a different letter, authorising him to take a different course of action, the course of action set by God and not by man. This is how it happened: A great light flashed from the sky all around him, then he fell to

the ground and heard a voice saying to him: "Saul, Saul, why do you persecute me?", and on Saul's question "Tell me, Lord, who are you?", he got the shattering answer "I am Jesus of Nazareth, whom you are persecuting". In the glaring brilliance of God's searchlight lies the fanatic, unmasked: a persecutor of Christ! By an act of divine démasqué lies the extremist, exposed: an enemy of the Gospel! Then Saul asked that vital question, I believe for the very first time, "What shall I do, Lord?", i.e., "What dost thou want me to do?" This question marks the crucial point of his conversion, the decisive turning-point in his life, the critical stage when he learns to turn to God. By asking this question he put himself, his whole life, every single action he was about to embark on, under the supreme authority of God. What he wants, what action he sees fit to take, is totally unimportant. What matters, is God's will. What the Pharisee party and the Council of Elders think or decide, is utterly irrelevant. Only what God decides, is relevant.

This event was the crucial incision made by the sword of God in Saul's life. The fanatic was not only unmasked, he was cured, healed, restored: from that point on in his life, he forgot what was behind him, reaching out for that which lies ahead; external claims, such as the fact that he was an Israelite by race, a Hebrew born and bred, a member of the Pharisee party, and such assets, he has written off because of Christ; the solidarity with his race and party has been replaced by the solidarity with Christ and his followers. This is conversion: God makes an incision in our lives, cutting us free

from our past, from what is behind, severing us from our solidarity with the first Adam in sin and death, making us incorporate in Him, relieving our distress, removing our uncertainty and giving us true faith and new life. Conversion is wholly God's work. Our part is simply one of falling down and asking "What shall I do, Lord?", "What dost thou want me to do?" "What action dost thou want me to take?" This is the vital question for our lives, for life, to be asked day after day, hour after hour. God gave Saul of Tarsus a very clear answer through Ananias who told him "The God of our fathers appointed you to know his will and to see the Righteous One and to hear his very voice, because you are to be his witness before the world, and testify to what you have seen and heard."

A NEW MAN

There emerged a new man, a new creation, Paul the apostle. Here is a man severed from his past, from his traditional way of life, a man freed from bondage: the fanatic became the humble servant, the fighter for sectional causes became the witness before the whole world, the ruthless persecutor emerged as the labourer who toiled day and night, in season and out of season preaching the Gospel of Love and Reconciliation.

Let us pray that this may happen to all of us, to the fanatics among us and to the extremists, to all among us who breath murderous threats, to all among us and in the whole world who haunt and hound their fellowmen, to all who wittingly or unwittingly persecute Christ in his followers.

GEESTESKWELLINGE

„WAT IS WAARHEID?”

DR. W. BRUCKNER DE VILLIERS

Soos Pilatus tydens sy skynverhoor van Christus, kan 'n mens jou vandag dié vraag met hernieuwe dringendheid afvra. Want nou begin dit darem werklik om jou te duisel en voel dit al hoe meer of jy jou eie ore en oë nie kan glo nie

Dat, soos so pas gebeur het, die hoogste leiersvergadering van 'n Christelike Kerk so ver kon kom om, op grond van 'n reeks versonne aanklagte en sonder billike verhoor, 'n suiwer Christelike organisasie onder die ban te plaas, is eenvoudig

iets ongehoords en ongeloofliks. En tog is dit presies wat voor ons verbaasde oë gebeur het: die Christelike Instituut, wat net soos Christus self aan 'n klugtige skynverhoor onderwerp is, is deur die Algemene Sinode van die N.G. Kerk summier ver-

oordeel en verwerp as 'n „dwaalrigting wat die suiwere leer onderym, die goeie orde in die Kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai”!

FONDAMENTE VERKRUMMEL

'n Mens weet werklik nie meer wie of wat om te glo nie. Die stevigste ankertoue is met een hou deurgehak. Die tot dusver outoma-

ties aanvaarde fondamente van 'n mens se Christelike wêrelde- en lewensbeskouing is skielik besig om onder jou voete te verkrummel. Die geestesmoeder aan wie se bors jy gesoog is, het plotseling haar rug op jou gekeer en jou uit die huis gewerp. Die geestesgoed wat sy so moeisaam aan jou besorg het is deur haarself uit jou hande geklap. Jy staan naak en onterf. Dié waarhede waarin sy jou geleei het, word tans skynbaar huis deur haar verloën. Wat is dan nog waar? Wie is reg: die Sinode of die Christelike Instituut? Wat is waarheid — vir ons as Christene in hierdie land, in hierdie tyd?

In Pilatus se geval tref dit 'n mens natuurlik onmiddellik dat sy siniese en skouerophalende vraag ook 'n gevinsde en oneerlike was. Met die lig waaroer hy, as Romeinse procurator en dus amptenaar belas met die regverdige toepassing van die Romeinse reg, beskik het, het hy maar alte goed geweet waarom dit gegaan het in die geval Christus. Twee van die Evangelieskrywers stel dit kort en klaar: „hy het geweet dat die owerpriesters hom uit nydigheid oorgelewer het.” (Mt. 27:18; Mk. 15:10). Pilatus het ook geweet dat dié „verhoor” waarin hy homself so ongerieflik betrokke gevind het, 'n bespotting van die geregt was, dat die gepeupel Barabbas bo Jesus sou verkies, maar dat dit vir hom onvermydelik was om maar te laat begaan op grond van allerlei politiek opportunistiese oorwegings.

„Nydigheid” was hopelik hoege- naam nie 'n oorweging tydens die Sinode se beraadslagings oor die Christelike Instituut nie. Net soos Pilatus egter het die Skrifgeleerde Sinodale beslissers oor die lot van die Christelike Instituut ook maar alte goed geweet waarom dit werklik gaan en kan die hele reeks personne „redes” vir hul verdoeming van die Instituut ook nie anders as gevinsd en oneerlik bestempel word nie.

DIE EINTLIKE SAAK

In werklikheid het dit nl. hoege- naam nie gegaan oor „buitekerk- likheid”, „mededinging met die Kerk op kerklike terrein”, „verbroe- dering met die Rooms-Katolisme”, „weerstrewing van die Kerk se be- proefde sendingbeleid”, 'n verskil in kerkbegrip en „opvatting oor ekumenisiteit”, die demonstrasie van „die eenheid van die kerk in 'n eenheid van uiterlike organisasie”, die ondermyning van „kerklike ge-

sag” en die bevordering van „twee- drag in gemeentes” e.d.m. nie.

Wesenlik het dit gegaan oor die Christelike Instituut se beginseloor- tuiging „dat vir almal wat hierdie gemeenskaplike (Christelike) trou deel, dit wenslik en noodsaaklik is dat doelbewuste pogings aangewend word om hulle eenheid in Christus te betuig en te bevorder” — oor alle grense, ook die kerkgenoot- skaplike en rassegrense heen. In die realiteit van die Suid-Afrikaanse situasie is só 'n siening van die ware ekumeniese ideaal vir alle opregte volgelinge van Christus natuurlik vir die meerderheid van die vrees- bevange blanke bevolking — en ook klaarblyklik vir die N.G. Moederkerk — politiek totaal onaanvaarbaar. En daarom het dit gegaan. Vandaaar die felheid van die Sinode se verwering.

Dit is die mate van oneerlikheid wat daar betrokke was by die klug- tige fundering van die besluit teen die Christelike Instituut, by die skynvrome vraag na die „waarheid” vir die volk van Christus in Suid-Afrika. En hiermee wil 'n mens geensins beweer dat die Christelike Instituut, in teenstelling met die N.G. Kerk, die volle waarheid in pag het nie. Die Instituut self het dit trouens nog nooit gewaag om so iets te beweer nie. Die goddelike waarheid vir en ook omtrent onsself is te groot en te ryk vir enige blote Christelike organisasie of selfs vir enige bepaalde kerk om dit in sy volheid te begryp en te vertolk. Dit moet ons nou eenmaal in nederigheid teenoor mekaar erken.

WAARHEDE

Nie dat dit ons egter verskoon of vrywaar teen die trefskrag van 'n paar baie duidelik omlyneerde waarhede wat deur God self ondubbel- sinnig aan ons geopenbaar is nie. Die „hele waarheid” kan ons nooit met ons gebrekkige menslike verstand omvat of besit nie — ons sien slegs „deur 'n spieël in 'n raaisel”, eendag eers „van aangesig tot aangesig”. Maar 'n paar dinge weet ons wel baie duidelik, sonder dat ons menslike begripsvermoë daardeur belas word, soos bv.:

Dat Christus, ons Meester, ons geroep het tot volgelingskap en dissipelskap — met alles wat dié besondere roeping impliseer;

dat Hy dit aan ons opgedra het om ons naaste — wie hy ookal mag

wees en wat ookal sy kerkverband, status, moedertaal of velkleur — lief te hê soos Hy ons eerste liefgehad het;

om almal saam een te wees in Hom, soos Hy en die Vader een is;

om elkeen van „hierdie kleintjies wat in My glo” nie te „verag” nie;

om aan andere te doen soos ons graag aan onsself gedoen wil hê;

om teenoor ons minderbevoordekte broeder op te tree soos die barmhartige Samaritaan en nie soos die priester en die Leviet nie;

dat in Christus Jesus „daar nie meer Jood of Griek, daar nie meer slaaf of vryman, daar nie meer man en vrou” is nie, maar slegs „volgens die belofte, erfename”;

dat hy wat sy eie (of sy besondere kerk of volk se) lewe wil wen, dit sal verloor . . .

In al ons pogings egter om te leef volgens die eise van hierdie waarhede het ons nog nie eens, soos Maria Magdalena, beginadigde aan die soom van die werklike waarheid geraak nie. Pilatus het wel die geleentheid daartoe gehad, maar het dit skynbaar gladnie besef nie. Hy wat so sinies die historiese vraag na die waarheid gestel het, was in die bevoordekte posisie dat die vleesgeworde Waarheid van God inderdaad vlak voor hom gestaan het. Dog dié voorreg het hy nooit benut nie omdat hy die lewende waarheid wat teenoor hom gestaan het, nie herken het of wou erken nie.

In Christus, die vleesgeworde Woord van God, het ons die totale openbaring van die volle waarheid aangaande Homself en ook aangaande onsself.

Ons, soos Pilatus, soek egter ook maar alte dikwels ons „waarhede” op ander plekke: in ons menslike wetenskap, filosofie, kuns en kultuur, in die verwesenliking van ons eie (of ons volksgroep se) ambisie en selfgeldingsdrang, in ons verwaande illusies omtrent die „volks-eie”, die „tradisionele”, die „Christelik-Nationale” of wat ookal. Al wat ons weier om te aanvaar, is die finale Waarheid wat vlak teenoor, vlak naas ons geplaas is, wat ons menslike wêrelde en geskiedenis vrywillig vanuit die hemel binnegetree het sodat ons Hom persoonlik kan ontmoet, wat by ons, langs ons en, deur Sy Gees, binne-in ons leef: die waarheid wat voortvloei uit die ontmoeting en innige persoonsgemeenskap met Christus, die Seun van God wat bereid was om terwille van ons ook Seun van die mens te word.

WAARHEID IN AKSIE

In sy bekende geskrif: „Wahrheit als Begegnung” (Waarheid as Ontmoeting) beskryf Emil Brunner die waarheid vir die Christen presies so: as 'n „ontmoeting” tussen mens en God in Christus, die punt van samekoms in die menslike geskiedenis tussen Hemel en aarde en uiteindelik ook tussen mens en mens. Want in Christus se God-menslikheid en in ons lojaliteit en liefde teenoor Hom is daar vir ons finaal en volmaak saamgevat ook die eise van medemenslikheid — selfs onder omstandighede so moeilik soos dié wat Hy self verplig was om as mens op aarde te beleef. Volgens Brunner is die „waarheid” van die ontmoeting tussen mens en God en mens en mens, albei saamgevat in die sondaar se ontmoeting met Christus, die Seun van beide God en mens.

Gevollik is die eintlike Kerk van Christus te vinde in die ware gemeenskap van Christene en nie in 'n blote kerklike instituut waarin, op voetspoor van Melanchthon, slegs die „suiwere leer” en die „korrekte bediening van die sakramente” as normatief beskou word nie. „Die ware Kerk is en verkry gestalte waar ookal die vleesgeworde Woord van God lewendig teenwoordig is” is Brunner se bevinding. En verder: „dat die Kerk hom soveel op blote leer ingestel het, so min op egte dissipelskap, is die vernuamste rede vir sy swakheid, wat al hoe meer

opmerklik begin raak”. Want „vir die wêreld word 'n kerk wat hom slegs in sy spreke van die wêreld afskei — al is dit ook 'n spreke in die suiwerste Bybelse leer — dog nie ook in sy handelinge en in die liefde nie, heeltemal ongeloofwaardig. So 'n kerk verdien dit ook . . .”

Die waarheid in aksie — dit is die Bybelse siening van die waarheid. „En in die mate dat dié siening van die waarheid weer lewendig raak in die kerk (in die N.G. Kerk of in watter kerk ookal) „sal die kerk weer verlewendig word tot die ware Kerk van Christus. Vir hierdie weergeboorte bid ons.”

Hoe skryn hierdie mooi woorde van 'n verligte gees in 'n mens se hart! Dit is veral vir 'n lidmaat van die N.G. Kerk 'n bron van die diepste bekommernis en geesteskwelling dat ook dié kerk die pad van die Bybelse waarheid skyn byster te geraak het; dat so baie van die voorstelle wat gedien is op die onlangse vergadering van die Sinode en sommige van sy besluite, veral dan die een m.b.t. die Christelike Instituut, nie meer die gees van Christus en van die ontmoetingsgemeenskap met Hom adem nie; dat hy sy rug op so 'n onbroederlike wyse moes keer op 'n Christelike organisasie waarvan die hoogste strewe juis is om 'n ware gemeenskap van Christene in ons land te betuig en te bevorder . . .

KEUSE

Pilatus het nie besef dat hy besig was om die waarheid, waarna hy gevra het, van aangesig tot aangesig te aanskou nie. Hy het dié Waarheid bloot aanskou, beskou; nooit as persoon ontmoet en met Hom in gemeenskap getree nie. Aan hom in sy kortsigtigheid is dit egter oorgelaat om die volk oor wie hy as heerser aangestel was, voor 'n keuse, 'n onontwykbare keuse te plaas: of Christus of Barabbas. En dié keuse het hy aan hulle gewetens oorgelaat sonder om hom verder self met die gevolge daarvan te bemoei.

Die Algemene Sinode van die N.G. Kerk is ook besig om die volk onder sy geestesopsig en beskerming voor 'n onontwykbare keuse te plaas, sonder om duidelik genoeg lig en leiding te gee in die rigting van 'n positiewe Christus-keuse. Die keuse van Barabbas is natuurlik 'n maklike en aangewese een, want Barabbas verteenwoordig en simboliseer alles wat teenoorgesteld is aan die hoë eise wat Christus persoonlik aan Sy volgelinge stel.

Mag die Here gee dat hierdie besondere kerkvolk, teen alle teenstand en beïnvloeding van buite in, desnieënstaande vir Christus sal kies. Want dan sal hulle mekaar weldra, met alle bitterheid vergeet, in broederskap en wedersydse diensbaarheid en liefdebetoon ontmoet aan die voet van Sy kruis.

ECUMENICAL OPPORTUNITIES IN SOUTH AFRICA TODAY

(An address given to the Annual General Meeting of the CHRISTIAN
INSTITUTE, TUESDAY 30th September, 1966)

THE REV. ROBERT ORR

After the Director suggested to me that I should give an address to this meeting on this topic, and after I had — somewhat rashly — accepted his suggestion, I was filled with many misgivings. For in fact the ecumenical scene in South Africa today presents one with more problems than opportunities. We should never forget the old saying, however, that “Problems are opportunities in disguise.” It is, I trust, in that spirit, that I share my thoughts with you tonight.

INDIFFERENCE

One of our major problems — and opportunities — is the ignorance, indifference and even hostility, that mark the approach of so many South African Christians

to things ecumenical. Many are not quite sure what the word “ecumenical” really means, so that, nine times out of ten, the word has to be defined before any profitable discussion takes place. When it is defined, indifference is usually the

first reaction. If we go on to present the ecumenical challenge fairly and honestly, hostility is to be expected.

With some fear and trembling, and in all humility, I must use events in the Presbyterian Church as an illustration of this. For years, this Church has, in a desultory way, welcomed ecumenical relations with other Churches. This desultory and somewhat indifferent welcome even greeted the news of the opening of conversations on unity with the Anglican Church. This same polite

indifference continued even when the conversations went on record as saying that the goal of our talking and praying together should be organic unity. There was at this time a general feeling that those "ecumeniacs" who liked talking and working with other Christians could get on with it, if it kept them happy, because all this talk was bound to come to nothing in the end anyway. Then, just over a year ago, the staggering news came that the conversations were actually in earnest! They presented, for the consideration of the Churches, a proposed covenant as a significant milestone on the way to full union. When this news burst upon the Church, the reaction swiftly changed from one of polite tolerance to one of anxiety, reluctance and even hostility. It was obviously all very well to talk together. But to do something about it — that was a different kettle of fish entirely.

OBJECTIONS AND OBSTACLES

I use that as an illustration. I do not enjoy washing my dirty linen in public, and I am quite sure that this kind of reaction is not peculiar to the Church to which I belong. In the minds of many members and ministers of the Church, it is a fine and noble and indeed a Christian thing, to talk together. But when that talk leads to proposed joint action, to closer relationships, all sorts of objections and obstacles are raised.

Why is this? There are, I believe, two main reasons for this approach. One is the strong conservatism that characterises religious people. We must not, I think, be too impatient with this conservatism. Religious people — whether they are articulate about it or not, whether they are beginners or veterans in the faith — have a strong and deep sense that their religion is that which gives them their final and ultimate security in life. There is one important qualification to this: they find their ultimate security in their religion, as they know it now. Any change in the form and pattern of their religion as they know it now is construed as a threat to that security and therefore meets with automatic resistance.

The second reason is what I would call our inherited denominational approach. We have grown up with the divisions in the Church, and we have come to take these di-

visions for granted. Most of us find it rather difficult to get worked up, to get hot under the collar about these divisions, because they have always been there. We cannot see why there should be all this sudden fuss about them. As a result, we tend to stress those things that make us different from one another, rather than those things which bind us to one another, those things on which we disagree rather than those on which we agree, matters of faith that keep us apart, rather than matters of faith that impel us towards one another. And we are so busy emphasising these differences that we find it difficult to listen to that man in the other Church who is trying to explain to us just how close his beliefs are to ours.

Another illustration to convey my point here. At one of the meetings of the conversations between ourselves and the Anglicans, two papers were presented on the doctrine of the Holy Communion. One was written by an Anglican who would, I am sure, not object to being called an Anglo-Catholic. The other was written by a Presbyterian who regards himself as one of the evangelicals. When these two papers were read, it appeared to those present that these two men were living right at opposite ends of the street. But then the questions began, "What do you mean by this sentence, that phrase? How do you define this, that and the next thing?", and as the authors thought about and answered these questions, it became clear that they had left their houses and were moving down the street towards one another until, at the end of the discussion, it seemed that they were living, if not in the same house, at least in the two sides of a semi-detached house!

OPPORTUNITIES

The unwillingness to change — and the denominational approach that glosses over our agreements and fastens on our differences — these are two of the main problems confronting the person who strives for the closer unity of the Churches.

This is a problem. It is also an opportunity. It is an opportunity sharpened by the fact that many factors have combined to thrust matters ecumenical prominently before the members of the Churches. We must seize this opportunity. Humbly, with patience and prayer, we must work to share with others our con-

victions. Again and again we must point them to the Scriptures, to our Lord's prayer for the concrete unity of Christians, to Paul's horror at the divisive party spirit in Corinth, to the biblical conviction that various gifts and forms of ministry are intended by God for the building up and enrichment of the whole Body of Christ. Again and again we must ask them to consider whether our Lord's command to love one another does not demand visible expression, whether we think we can fool the world with our talk of reconciliation when we are not reconciled to one another, whether we can any longer afford our divisions, whether, indeed, God himself can afford them.

You will find people getting irritated with us — "ecumeniacs" as they call us. In some quarters it is being said that we are arrogant in our belief that we — and we alone — have the mind of God in this matter. We must heed the warning in this charge. I believe the spirit in which we must reply is well expressed by my fathers in the faith, by those who wrote the Scots Confession of 1560. At the end of that confession are words something like this: "Protesting that if any man will find in this our confession anything that is repugnant to the Word of God, that it would please him of his charity to advise us of the same in writing, whereupon we promise him satisfaction from the mouth of God, that is, from the Holy Scriptures, or else reformation of that which shall prove to be amiss." I have great confidence — not in myself, nor in any other ecumeniac — but in the power of the Spirit, working through the Scriptures, to convince us of the will of God. It may be that I, and those who think as I do, am wrong. If that is so, then those who disagree with us must prove it so from the Scriptures.

I would not take up too much of your time this evening. Let me hurry on to mention the three areas in which I think our ecumenical problems and opportunities become most acute.

CHRISTIAN COUNCIL

The first concerns the Christian Council of South Africa. This Council, as many of you know, draws together all the main Christian Churches in this country with the exception of the Dutch Reformed

Churches. (The Roman Catholic Church has observer status on the Council). My own knowledge of and contact with the Council is somewhat indirect and second-hand, but there is something about the Council and about the relationship of the Churches to the Council that makes me uneasy. That is the strong suspicion that the member Churches of the Council do not treat it with the seriousness such a body deserves in this country and in this day and age. There is a vicious circle here. Certain influential men in the Church are inclined to dismiss the Council somewhat lightly as nothing more than a talking shop. In all humility, I would say that if this is true, then it is largely the fault of the Churches themselves for not giving the Council the time, the men and the money it should have to make it more effective.

RELATIONSHIP WITH D.R. CHURCHES

The second area of problem and opportunity concerns our relationships — and here I speak as an English-speaking Christian — with the Dutch Reformed Churches. Here I must speak with love and yet in all blunt honesty. First let me say quite emphatically that many of us have quite the wrong idea about the Dutch Reformed Churches. We are dangerously ignorant for example of the official teaching of these Churches on great public and social issues, and this ignorance leads us to make untrue, unjust and uncharitable allegations about them. (While this ignorance is dangerous, it is also, to a certain extent, understandable, for these Churches have shown a tendency recently to soft-pedal this official teaching). Again, when we talk about the attitude of the Dutch Reformed Churches towards non-Europeans, we should remember that they pay their non-European ministers a higher stipend than any other Church and have more institutions for handicapped non-European persons than all the rest of us put together. We should also bear in mind the steadfast and rocklike Christian character that these Churches, under God, have produced. And yet, when all is said and done, it also needs to be noted — and I say this with the utmost sorrow — that these same Dutch Reformed Churches have rung

down something like an iron curtain between them and ourselves. Wrongly or rightly, one gains the impression that these Churches consider contact with other Christians as dangerous to their theology and way of life. Wrongly or rightly, one gains the impression that they shun such contacts.

This is a problem, a problem fraught with potential results of the utmost gravity for the cause of Christ, and for this beloved land in which we live. There is no sense whatever in talking about unity between Afrikaans- and English-speaking South Africans, or between black and white Christians, if those who bear the name of Jesus Christ are not reconciled to one another, do not meet one another in love and understanding.

If this is a problem, it is also an opportunity. The iron curtain is not as complete as some of us think. The National Synod of the N.G. Kerk will soon be discussing the possibility of a liaison board with the Presbyterian Church. This Church has also indicated its willingness to discuss with the Christian Council the thorny and related questions of migratory labour and African family life. Quite apart from these official contacts, those of us who agonise over this problem must seize every opportunity of building bridges of personal relationship with members and ministers of the Dutch Reformed Churches.

ROMAN CATHOLICS AND PROTESTANTS

The third, and final area which I wish to mention concerns relationships between Roman Catholic and Protestant Christians. At the risk of being wearisome let me refer once again to the quite astonishing change of mood and atmosphere that has swept over large parts of the Roman Church in the past decade. Where previously we lay behind our barricades sniping at one another at every conceivable and inconceivable opportunity, now we Protestants find, to our astonishment, that the Romans are tending to come behind our barricade and discuss with us the possibility of turning our guns together on a common target — sin and evil. A writer has put it this way, that the Romans used to call us **separated brethren**, but now call us **separated brethren**. This new mood and atmosphere may be well

known to many of you. But I think it is worth mentioning because there are still very many who either do not know of this change or who regard it with a suspicion and distrust born of years of ignorance and hostility. To my Roman Catholic friends, therefore, I say: if you are truly in earnest about this change in approach — and I am one of those who believe that you are — then realise that you have a tremendous job ahead of you in changing the image of your Church in the minds of most non-Romans. You are going to need a great deal of patience, wisdom, tact and grace to overcome suspicion, to overcome the bad effects of long and unhappy memories. To my Protestant friends I say: take another look at the Roman Catholic Church. Don't be content any longer with the scandal and hysteria of the professional anti-Romans. Bring your knowledge of the Roman Church up to date. Read the reports of observers at the Vatican Council. Think about the reactions of those who have for many years been engaged in free and frank dialogue between Romans and Protestants.

Let me end by using a horrible phrase I heard the other day. "Ecumenism-wise", this country bristles with problems and opportunities. The main problem, if I may try to focus it, is the unwillingness to change, the substitution of holy words for holy deeds, the reluctance to see our cherished patterns of Church life die, that they may be resurrected. Our problem also points to our opportunity: the doors are beginning to open to us, so that we may hear non-Christians say "See how these Christians love one another" — and say it, not as a sneer, but as an expression of wondering admiration and envy.

BEURSE

'n Beperkte aantal beuse vir studie aan Brasenose-kollege, Oxford, vir gematrikuleerde mans of vir mans wat reeds 'n basiese graad verwerf het, is beskikbaar vir die akademiese jaar wat Oktober 1967 begin. Die beurse kan vir 'n drie-jaar studietermyn toegeken word. Om nadere besonderhede skryf onmiddellik aan The Secretary, B.N.C. Overseas Scholarship, Brasenose College, Oxford, England, of aan mnr. F. J. van Wyk, Dunwell 408, Jorissenstraat 35, Braamfontein, Johannesburg.

DIE WÊRELD 'N MALHUIS?

H. GORIS*

Vandag se wêreld lyk soos 'n malhuis!

Die koerante is daagliks vol van berigte oor spannings tussen swart en blank, jeug en ouers, „vryheid” en gesag, seks en fatsoen, liberalisme en konserwatisme: spannings tussen ongeremde vryheid en burgerlike gehoorzaamheid. En selfs kerklike persorgane meld en resenseer spanning en stryd: in eie kring, tussen kerke, tussen kerk en wêreld.

Wat maar nouliks in geskrifte en in gesprekke inkom, is die ware Christelike moraal, terwyl dit tog alleenlik die oplossing kan gee van al daardie kontroveuse. Daar word weliswaar baie geskrywe en gepraat oor Christelikheid en Christelike eise, maar dit is dan meesal die een kant van teenstellings. Die „Christelike” norme is dan blank en oud en autoritêr; fatsoenlikheid en konserwatisme. Aan die ander kant en in 'n mindere mate kry 'n mens somtyds rewolusionêre, altans baie progressiewe, idees wat nietemin daarop aanspraak maak om 'n basis te hê in die Christelike leer. So is daar dan ten slotte selfs spannings tussen godsdiens en kerke, tussen leiers en lidmate van kerke en tussen lidmate onderling binne die eie kerk. Dikwels oor sekondêre onderwerpe.

NIKS NUUTS

'n Malhuis, 'n heksekete, op alle gebiede: dit is ons wêreld van vandag. In 'n sekere opsig selfs ons kerke van vandag.

Of is dit nie spesifiek vandag so nie: was daar altyd al spannings? Ek dink tog so. Maar juis omdat ons vandag so 'n wêreldwye bekendstelling het van wat orals aangaan, en omdat ons deur pers en radio daagliks op hoogte gebring en gehou word van enige gebeure, en omdat daardie opspraakwakkende nuus so gemaklik in ons huise inkom, voel ons die spannings soveel meer. Maar in werkelikhed is selfs die Bybel net so 'n emosionele stuk lektuur soos watter dagblad of Sondagkoerant ook. Of moet ek liever maar sê: net so reëel?

Op die heel eerste bladsy van die Bybel kry ons 'n sensacionele beskrywing van die ontstaan van ons wêreld: uit die chaos die kosmos. Vandag se berigte oor eksperimente in die ruimtevaart is nie só verbaasd as die skeppingsverhaal nie. Daar is verder, in 'n paar verse van Genesis, die berig van 'n slang wat verlei, van 'n vrou wat verlei word,

van 'n paar mense wat sondig. Hulle bedryf die allergrootste sonde, naamlik dat hulle ongehoorsaam is aan die allerhoogste gesag, dat hulle hulle ondankbaar en liefdeloos toon teenoor die allerrykste liefde en scëninge . . . maar hulle voel net skaam oor onvoldoende kleredrag.

Die Bybel is voorts vol van berigte oor die gruwelikste misdrywe en wanverhoudings. Vanaf die broedermoord volgens die eerste Bybelboek, is daar 'n bloedige lyn van moord en doodslag. Nie net in die Ou Testament nie, maar voortgesit in die Nuwe Testament, met die afgrysklike kindermoord van Bethlehem en, as die hoogtepunt, die volslae wederregtelike moord op Golgotha. Daar het die hel oopgebars en die Satan het opnuut en finaal toegeslaan; daar het die operste spanning geheers, soos ons dit vandag nie meer ken nie. En toe het daar, by die oënskynlik algemele en definitiewe ondergang van alle „Christelike” moraal, die woorde geklink: „DIT IS VOLBRING”.

OORWINNING VERSEKER

Nie as 'n laaste sug van 'n lydende mens nie, maar „met 'n groot stem” is dit uitgeroep deur die Oorwinnaar van alle kwaad, deur die goddelike opposent van alle duiwelse kwaad: in alle sektore, in alle tye — uit die verste verlede (sover as vanaf die aardse Paradys) tot op die verste toekoms (sover as tot die hemelse Paradys).

Vandag se wêreld-misère kan ons enersyds nie meer verbaas as ons die Bybelse historie ken nie; andersyds nie verontrus as ons die heilshistorie aanvaar nie. Dan kom daar mos die element in van rus en sekerheid, ondanks alle oarus en frustrasie. „Hou goeie moed: Ek het die wêreld oorwin!”

Dit dwing ons om te begryp wat nou feitlik aangaan: meer nog, om te begryp wat ons spesifieke houding en taak moet wees. As dit ook

vandag lyk of die hel wyd oopstaan en ons bekommerd ruak oor die duiwelse onreg en „on-tug” en geweld in ons wêreld, is ons enigste sekerheid ook nou nog, dat die stryd daarteen nie hopeloos is en nie verloor is nie, maar VOLBRING. Dat daar nie net moet aangehou stryd word nie, maar dat ook die oorwinning seker gestel is. In Christus, wat die vloek op die sonde gedra het, is ons selfs „meer as oorwinnaars”.

Maar dan moet ons ook stryd met Sy wapens en in Sy leër en volgens Sy discipline van ware dissipels. Ons moet nie die fout maak wat Petrus gemaak het, deur met ons eie en wêreldse wapens in te hou op die wêreld nie. Ons sal dan miskien hier en daar 'n oor afkap, maar die leër van diensknegte van die sonde en die duiwelse brein daaragter (in die kerkraad van Jerusalem; nog verder: in die hel), kan ons so nooit oorwin nie.

Die stryd van vandag is nie die stryd van volk teen volk, van swart teen blank, van jeug teen ouers, van liberalisme teen konserwatisme — waarin ons elke keer weer moet kant kies — nie. Dit is die stryd van liefde teen haat, van gehoorsaamheid aan God teen opstandigheid. Dit is 'n stryd van oënskynlike verloorders, maar wat tog met 'n groot stem mag uitroep dat hulle, in Christus, die wêreld sal oorwin. Nie in politieke diskussies of in kerklike aksies nie, maar in die navolging van Christus op alle lewensterreine. As enkelinge nog meer as kollektief. Veral positiefs!

En kyk, dan word dit, by 'n suiwer besinning, openbaar dat ons nie stryd vir menseregte nie, maar vir mensepligte.

LIEFDE

Die groot gebod wat vir ons gegee is, is dat ons God moet liefhe bo alles en ons naaste soos onself. Pligte, teenoor God en ons naaste: nie regte nie. Pligte wat, as ons dit getrou nakom, die regte soos vanself verzekker. Dit is wat ons moet propageer: in persoonlike gesprekke en voor die groter forums op kerklike, sosiale en politieke gebied. Niks

meer as dit, en ook niks minder as dit nie. Ons moet telkens opnuut op diep bewus bly daarvan, dat ons nie „onafhanklike vryheidsvegters”, nie „Uhuru”-mense is nie, maar georganiseerde en gedissiplineerde vegters in Jesus se heilsleer. Nie 'n Simon, seun van Jona, wat sy liefde wil bewys met sy eie swaard en direk daarna tog maar Jesus verloën nie, maar 'n Petrus, wat die opdrag om 'n getuie te wees uitgevoer het, getrou, selfs tot in die dood.

Dan en só veg ons teen onchristelike opvattinge omtrent swart en blank mense, maar ook van swart en blank mense. Dan veg ons vir 'n verbetering van die verstandhouding

tussen swart en blank, jeug en ouers, onderdaan en overheid.

Ons moet veg, allereers, vir die erkenning van die baasskap van God, wat gebaseer is op liefde: God liefhe, wat ons eerste liefgehad het. Voorts vir die erkenning van die broederskap van mense, wat ook op liefde gebaseer is. Nie op regte soos van gelykheid/gelyksoortigheid nie. Dat ons die naaste moet liefhe „soos onself” impliseer al dat hy anders, dat hy „eiesoortig” is, maar nietemin as gelykwáárdig aanvaar moet word. Meer, inniger, wesenliker as deur regte word deur die liefde die eenheid bewerkstellig van onder-skeie, selfs teenoorgestelde, skepsels

van God — soos wat man en vrou, onderling verskillend, huis daarom die ideale eenheid kan vorm, in liefde.

So veg ons, veral in kerklike kring, nie vir die uniformiteit van kerke en godsdiens nie, maar vir die eenheid ondanks die verskeidenheid; vir die goeie verstaan van die Nuwe Testamentiese Evangelie, met sy oënskynlik somtyds rewolusionére implikasies, soos Jesus self geveg het teen die ver-dogmatisering en ver-nasionalisering van die Joodse kerk van Sy dae.

*Mnr. H. Goris is nywerheidsraadgewer in Pretoria.

DIE KERK BUISTE SUID-AFRIKA

PROF. B. B. KEET

DR. CARSON BLAKE OOR GEESTELIKE HOOGMOEDIGHEID

„Een van die paradokse van die strewe na Christelike eenheid is dat die vereniginge of groeperinge van kerke wat daarop aanspraak maak dat hulle die Heilige Gees in hul midde het, altyd hulle is wat die grootste verdeeldheid vertoon”. Tot hierdie konklusie het dr. Blake gekom in 'n preek wat hy in Riverside Church in September 1966 gelewer het. „Een rede hiervoor is dat, hoe dig ons ook by God staan, ons nooit die gevær ontkom nie, dat huis ons deugde ondeugde word. Ons mees toegewyde oortuiginge word dan die sondes wat die volgelinge van Jesus Christus van mekaar skei. Die sonde van geestelike hoogmoed is volgens die Bybel die grootste sonde, want hoogmoed is die bron van rebellie teen God en sy Heilige Gees.

Daar is nooit in die lewe van 'n Christen of 'n Christelike gemeenskap 'n tyd wanneer hulle op hul louere kan rus en sê: ons het so dig by God gekom dat elkeen wat nie aan ons behoort nie, ook nie aan God behoort nie.”

In sy toepassing van hierdie waarheid op die ekumeniese beweging het hy laat volg: „Hoe digter die ekumeniese beweging kom by die vertolking van die raad van God vir ons tyd, hoe groter word die gevær dat sy aspirasies deur die sonde in 'n groot ramp verander word.” Hy het ook daarop attent gemaak dat daar 'n belangrike beweging bestaan, veral Amerikaans georiënteer, wat Christene uit die hele wêrld wil organiseer in direkte opposisie teen die Wêreldraad en die Nasionale Kerke van alle lande. Terwyl hy erken dat daar belangrike verskille in teologie en etiek onder Christene bestaan, het hy by alle Christene aangedring om diepe berou te hê oor die sonde van hoogmoed wat nie alleen die kerk verdeel

nie, maar ook die evangelie verkrag deur Christelike deugsaamheid te verander in afskuwelike verdorwendheid. Hy het 'n beroep op alle ekumeniese en nie-ekumeniese Christene gedoen om tog op te hou met valse prediking en valse voorstellinge van mekaar. „Laat almal wat die Naam van Christus bely, hulle verbind om eerlik na die leiding van die Heilige Gees te luister, wat in werklikheid almal verenig wat gehoorsaam wil wees aan die een Here, Jesus Christus.”

(Ecumenical Press Service)

HOE OOR ONS IN DIE BUITELAND GEDINK WORD

Van Hervormde sowel as Gereformeerde kant verskyn daar verskeie, oor die algemeen ongunstige, beskouinge aangaande die reaksie op prof. Van Selms se artikels (wat dit beteken om Christen te wees in hierdie tyd), soos dit in **Pro Veritate** die lig gesien het. Aan „Persbureau der Ned. Herv. Kerk”

ontleen ons 'n tipiese voorbeeld uit die pen van prof. Berkhof in „In De Waagschaal” van 3 September 1966.

Prof. Berkhof gaan in op die berig uit Suid-Afrika oor die aantynging teen prof. Van Selms weens sy artikels in **Pro Veritate**. Op sigself, sê hy, hoef die artikel, wat sy inhoud betref, geen verbasing te wek nie.

Dit was bekend dat die hoogleraar hom nie agter die regeringspolitiek kon skaar nie. Veel erger is egter wat daarop gevolg het, die reaksies wat die artikel ontketen het.

Dagbreek en Sondagnuus noem dit 'n „skokartikel”. Om sy lesers gerus te stel, haal hy 'n sekere ds. Griesel aan wat Van Selms se woorde „die taal van 'n ongelowige” noem en prof. A. D. Pont wat dit beskou as uiting van die lewens- enstrydmoeë Christendom van Europa en Amerika. Albei sê dat volgens hulle oortuiging God nog 'n besondere bedoeling met hul volk het. (Pont voeg hieraan toe: „gesien die geloftes van 1838 en 1880”). Maar Pont gaan dan op iets anders oor. Prof. Van Selms is 'n Nederlander wat hier in 1938 gekom het en nog steeds nie die Suid-Afrikaanse nasionaliteit aangevra het nie: Waarom nie? Nou begin die steen rol. Die rektor van Pretoria word daarin gemeng, die studenteblad hou 'n onderhoud met Van Selms, groepe van burgers dring daarop aan dat die

Stadsbestuur van Pretoria sy subsidie aan die universiteit sal onhou totdat die saak Van Selms „in die reine gebring is”. Teen die tyd dat hierdie artikel verskyn, sal die steen al wel 'n end verder gerol het, en dit is nie onmoontlik nie dat Van Selms uit sy amp ontset is. Intussen word daar nie ingegaan op die saak wat hy aan die orde gestel het nie. Nee, daar word oorgeskakel van die Bybelse na die nasionale kant en hierdie laaste is beslissend. Daarmee word die antwoorde gegee op wat by prof. Van Selms nog slegs vrae was. Die hele reaksie bewys hoe dringend nodig die artikel was. Onwillekeurig dink 'n mens aan Jeremia en sy situasie. Ook nou word die Woord van God na die nasionale belang gemodelleer in plaas van net andersom. „Wie sy lewe wil verloor, sal dit behou” — dit is die

Evangelie in die menslik-uitsigslose situasie van Suid-Afrika. Maar hierdie Evangelie mag nie hoorbaar word nie. Daar word wel baie gepreek: ortodoks, gevoelig, persoonlik. Maar bepaalde konsekwensies mag nie getrek word nie. Dit kan kwetsend wees. Ons in Nederland ken hierdie toestand en sal dus liever nie met klippe gooi nie; maar daarom is ons temeer erkentlik teenoor hulle wat metterdaad die Woord van God bokant die nasionale gevoelens stel.

HERVORMDE VERKLARING

As voorbeeld van die veranderde verhoudinge tussen Protestantse en Rooms-Katolieke in Nederland, neem ons die volgende berig oor uit Persbureau der Ned. Herv. Kerk: Enkele ure na die dood van mon-

seigneur W. M. Bekker, biskop van Den Bosch, het die moderamen van die Generale Sinode op 9 Mei 1966 die volgende verklaring uitgegee:

„Die Moderamen van die Generale Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk het met ontroering kennis geneem van die heengaan van biskop Bekkers in die krag van sy lewe. Die Moderamen dink met eerbied aan die eerlike en objektiewe wyse waarop hy die toenadering tot reformatoriële kerke en Christene bevorder het. In die voetspoor van Pous Johannes XXIII het biskop Bekkers aan die vernuwing van die kerk met groot energie deelgeneem en daardeur ook by nie-Rooms-Katolieke Christene besondere waardering gewek. Hierdeur ook word sy heengaan in hoë mate deur die Moderamen van die Sinode betreurt.”

DIE WOORDE VAN DIE MENSE

„Maar Ek sê vir julle dat elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregtig word en uit jou woorde sal jy veroordeel word.” —

(Mat. 12:36-37).

DIE KERKBODE VERRAAI SKULDBESEF

Volgens 'n persberig, oorgeneem deur Die Kerkbode, het ds. C. F. B. Naudé tydens 'n onlangse besoek aan Nederland, die volgende gesê i.v.m. die feit dat Abram Fischer as 'n kommunis skuldig bevind en veroordeel is: „Ek ken sy familie, 'n boere-familie, lid van die N.G. Kerk. Ek wil dit sê: die kerk van Suid-Afrika sal skuldig staan weens sy versuim om 'n man soos Fischer te help en te getuig van die geregtigheid in Jesus Christus. As die kerk sy roeping van sosiale geregtigheid nagekom het, dan het Fischer, menslike wry gesproke, nooit 'n Kommunis geword nie. Daarvan is ek absoluut oortuig.”

Maar toe die kerk stilswyend — en ook amptelik — die onreg teenoor die nie-blanke goedkeur, het Fischer geen hoop en geen lig meer in die kerk gesien nie. Hierdie man kon 'n briljante leier van die Christelike gemeenskap geword het. Nou is daar nijs meer in hom nie. Hy het nie die absoluut onaanvaarbare van die Kommunisme gesien nie, maar hy het uit morele oorweginge gehandel. Daarvan is ek oortuig. Die gewetenswroging en die persoonlike beskaming oor wat met Fischer gebeur het, is groot in Suid-Afrika. Dit

sou onmoontlik gewees het as die kerk sy roeping besef het.”

ONBETAALDE REKENING

In hoofsaak stem ek hiermee saam. Of ek dit ook sou gesê het en só sou gesê het, is 'n ander saak. Mense sien dinge soms verskillend en laat hulle op verskillende maniere daaroor uit. Sommige voel 'n bepaalde saak soms sterker aan as ander en doen skerper uitsprake daaroor.

Die verontwaardiging waarmee se-

kere politieke koerante in ons land egter die berig daaromtrent geplaas het, het seker menige kerkmens die wenkbroue in verbasing laat lig. Want wat is so snaaks daaromtrent? Was hierdie uitlating van ds. Naudé werklik so 'n slag in die lug? Of kwaadwillig teen kerk en volk in Suid-Afrika gerig? Vertolk dit nie 'n gesindheid wat al dikwels in kerklike kringe tot uitdrukking gekom het, bv. wat betref die bestaan van sektes nie? In die kerklike spraakgebruik het dit byna 'n spreekwoordelike skuldbelydenis geword dat die sektes die „onbetaalde rekeninge” is van die kerk. Lê dit nie voor die hand om dieselfde van die kommuniste te sê nie?

SKULDBESEF

Natuurlik is dit so. Wat die kommuniste betref, sal die smart en die skuldbesef waarmee dit gesê word,

missien slegs skerper en dieper wees. Die oorspronge van hierdie ideologie is nie buite die Christelike wêreld te soek nie, maar in die hart daarvan. Die Christendom in Europa is daarvan terdeë bewus. Die kerk in Europa blyk steeds in diepe skuldbesef te verkeer ook oor ander vorme van wanhoopsuitinge aan die Christendom wat binne die sfeer van sy arbeid en verkondiging tot uiting kom en gestalte vind in lewensbouinge waarin dinge soos die materialisme, die eksistensialisme, die nihilisme, e.d.m. die Christelike geloof verdring het. Die Europese Christene sou 'n uiting van skuldbesef uit die mond van 'n Afrikaner-Christen oor die feit dat die kommunisme ook hier kon aanklank en ingang vind in die kragveld van die kerk se verkondiging, en oor die feit dat iemand soos Fischer 'n kommunis geword het, gewis ook nie vreemd gevind het nie. 'n Mens kan met reg veronderstel dat alle verantwoordelike Christene wat ds. Naudé se uitlating gehoor of gelees het, hulle nie op 'n hooghartige afstand sou gestel het van die kerk in Suid-Afrika nie, maar meteen hulle innige verbondenheid, ja, hulle mede-skuldigheid met ons sou besef het. In wat ds. Naudé gesê het, sou hulle die eie taal van die kerk herken het. En die feit dat so 'n skuldbelydenis kon kom uit die mond van iemand uit die geledere van die N.G. Kerk, kon geen ander uitwerking gehad het nie as dat dit hulle laat besef het dat die Gees van God, wat ons oortuig van sonde en geregtigheid en oordeel, nog nie van die N.G. Kerk gewyk het nie. Toe een van die skape uit die kudde wat aan die N.G. Kerk toevertrou is, 'n kommunis geword het, was daar iemand wat 'n gesindheid wat in dié Kerk nog lewend gebly het, op 'n hartroeende wyse vertolk het: Ons, die N.G. Kerk, kan ons nie van die „sondaar" distansieer nie. Ons het nie ons plig gedoen nie. Ons het nie die evangeliese voorsorg getref dat die rowner nie in die skaapstal van Christus sou inring om een van sy kudde te roof nie. Ons het missien alles gedoen wat die wet van ons geëis het, maar van die reg en die barmhartigheid en die trou, die swaarste van die wet, het ons baie nagelaat.

POLITIEKE KOERANTE

Dat sekere politieke koerante in ons midde, wat van die Evangelie

en van die gesindheid van Christus hoe langer hoe minder blyk te verstaan, hieroor 'n groot geraas gemaak het, was iets wat 'n mens kon verwag. Dit gaan vir hierdie koerante slegs om een ding: Om die self-regverdiging van die eie politieke party en sy beleid en om 'n hartgrondige vervloeking van een en almal wat teenoor die apartheidspolitiek krities staan, ongeag of hulle ook Christene mag wees, en blykbaar huis wanneer hulle Christene is wat hulle kritiek vanuit diepe geloofsoortuinge hoorbaar maak. En sedert jaar en dag is dit al duidelik dat hierdie gevaaarlike, ekstreemistiese apartheid-politieke stroming in ons volkslewe op 'n onbeskaamde wyse met die kerk, m.n. met die drie Afrikaans-Hollandse kerke koketteer en met die walglukste vleitaal die „Boerekerk" bewierook as die „bolwerk" van die ideologie wat deur die party gehuldig word. Hoe geslaagd die vryasie was, word met smart besef deur elkeen wat opgemerk het hoe sterk die politieke stroming is wat teenswoordig bv. ook die N.G. Kerk wil beheers en sy weg vir hom wil dikteer.

„TEOLOGIESE FUNDERING"

Dit is verstaanbaar dat die politieke koerante op die N.G. Kerk sou gewag het om oor Beyers Naudé se uitlating oor Fischer die taal te spreek wat hulle hom graag wil laat spreek. En ook hierin het hulle nie tevergeefs gewag nie. Hulle het daar mee begin, maar hulle kan slegs skel, sonder meer. Hulle het die „kerklike sanksie" en die „teologiese fundering" nodig gehad om Beyers Naudé ook hierdie keer tot in die modder neer te haal oor wat hy gesê het. Want vir hierdie politieke stroming is dit die ergste lasterlikheid denkbaar dat daar oor apartheid en sy gevolge enige kritiek uitgespreek sal word.

BOETEKLEED?

Die Kerkbode het die roep gehoor — en „meesterlik" gereageer. Die inleidingsartikel in sy uitgawe van 26 Oktober hoef amper nie dáár gelees te word nie. Die politieke koerante het dit wyd en syd uitgebasuin hoe *Die Kerkbode* Beyers Naudé as 'n „goedkoop propagandis" teen die kerk ontmasker het. Die artikel begin met 'n roerende belydenis van hoe goed die boetekleed die kerk

pas. Maar as 'n mens verder lees, kan jy stik in die onwaaragtigheid daarvan. Ons moet ons skuld besef en ons sondes en versuime beween, sê *Die Kerkbode*, maar . . . moet tog nooit 'n valse skuldgevoel hê nie. Daardeur misken ons slegs die genadewerk van God in en deur die kerk. In 'n troebele redenasie, waarin dit maar net nie duidelik kan word uit watter bron die gedagtes hulle vulling ontvang nie, spreek *Die Kerkbode* dan die taal wat die politieke koerante uit die hart gegryp is. Die belyers van apartheid kan juig oor wat hulle uit hierdie artikel aflei. *Die Kerkbode* weet van géén onreg wat daar ooit gepleeg is deur en as gevolg van die apartheid-beleid nie. Ook van geen getuienis wat die kerk ooit in hierdie verband versuim het nie. 'n Christen wat hom daartoe skuldig voel dat apartheid die oorsaak is dat iemand soos Fischer 'n kommunis geword het, maak hom skuldig aan die sonde van 'n valse skuldgevoel. En daar aan het Beyers Naudé hom nou weer skuldig gemaak, daartoe wil hy ander verlei. Weet hy, en weet die politieke koerante wat angsvallig op die „teologiese fundering" van die verwerping van so 'n „verwyt" teen die kerk wag, en weet die wêrelde „oorsee en hier te lande" (*Die Kerkbode* word óók oorsee gelees!) wat die implikasie daarvan is? As die kerk enige versuim moet bely wat betrek die situasie wat deur die apartheid-beleid in Suid-Afrika ontstaan het — let wel: al het die kerk oor ander dinge missien rede tot skuldbesef, wat apartheid betrek hoegenaamd géén: want nie alleen het met apartheid die heilseu vir Suid-Afrika aangebreek soos wat met die komste van Jesus die koninkryk van die hemele naby gekom het nie, maar ook sou dit heiligkennis wees om hier van 'n „situasie" te praat wat hoegenaamd enige „skuld" impliseer; daarom is skuldbesef in hierdie verband vals en sondig — dan moet die skuld vir die verraad van Judas Iskariot op die rekening van Jesus Christus geplaas word! 'n Lasterlike gedagte, gee *Die Kerkbode* toe, waarvan hy (tereg!) nie glo dat ds. Naudé daarvoor sal wil instaan nie. Maar wie moet dan? Wie het dit gesê?

SIELSONTSTELLEND

Natuurlik sal ds. Naudé dit nie vir sy rekening wil neem nie. Ek gewis ook nie. Want so kan daar slegs

geredeneer word vanuit die veronderstelling dat met apartheid die koninkryk van geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees aangebreek het en dat die ontwerpers en uitvoerders van die beleid so regverdig en so sondeloos is as wat Jesus Christus self was — en dit kan ek in der ewigheid nooit doen nie. Die standpunt wat *Die Kerkbode* hier inneem, is sielsonstellend: Apartheid is so sakrosant dat dit ewe lasterlik is om daarin enige rede vir Fischer se losskeuring van die kerk te vind as wat dit sou wees om te sê dat Jesus en die koms van sy koninkryk verantwoordelik was vir die verraad van Judas. Want apartheid is so volmaak en so regverdig dat die kerk nooit, ook wat betrek sy eie aandeel daaraan, enige skuldgevoel daaroor **mag** hê nie. Daarmee sou hy hom skuldig maak aan die sonde van 'n valse skuldgevoel. Wie apartheid sien as iets in verband waarmee die kerk enige versuim kon pleeg, as 'n beleid wat onreg kon meebring waarteen die kerk miskien kon versuim om te getuig, doen niks anders nie as om „alle afdwaling van die evangelie uitsluitend op die rekening van die kerk (te) plaas.”

HISTERIE

Was dit wat Beyers Naudé gedoen het? Het hy dan nie na 'n **spesifieke** persoon se afdwaling van die kerk in 'n **heel besondere** kerklike en politieke situasie verwys en die kerk vir **hierdie** afdwaling **in dieselfde mate** verantwoordelik gehou as die afgedwaalde nie? Hoe kan daaruit gekonkludeer word dat dit hier om „alle afdwaling” en „uitsluitend die rekening van die kerk” gaan? Die antwoord is hierbo gegee. As selfregverdiging so fanatiek geword het soos dié waarin *Die Kerkbode* die N.G. Kerk voorgaan, word daar so histeries en so absurd geredeneer. Dan word die aanklag: „Jy staan net so skuldig aan hierdie saak” in die mond van die aangeklaagde tot 'n histeriese, totaal onbeheerde en onredelike geskel: „Al die skuld vir alles word uitsluitend op my gepak”. En wanneer daar so gereageer word, verraai die histeriese homself, openbaar hy wat hy huis so angvallig wou verberg: sy onloënbare skuld.

GEEN SKULD

Dit word nog duideliker as *Die Kerkbode* dan voortgaan om al die deugde van die N.G. Kerk na vore

te haal om aan te toon hoe totaal onmoontlik dit is dat hy enige skuld te bely het aan enige „maatskaplike misstande” wat daar nog mag oor-gebly het: Die kerk se verkondiging van die evangelie, sy sendingarbeid, die verreikende vrug van sy arbeid op maatskaplike gebied. Alles, alles is gedoen. Weg met alle „valse skuldgevoel”! 'n Mens is geneig om te vra: Waar kom die oorblysel van maatskaplike misstande vandaan op die idilliese apartheidsto-neel? In elk geval, die kerk, vir wie die boetekleed so goed pas, het hier-aan géén skuld nie. Geen selfver-ontskuldiging kon egter verhoed dat 'n herinnering aan „maatskaplike misstande” hom érens vandaan on-keerbaar na vore gedring het en vir 'n oomblik soos om 'n hoekie vir die skrywer van die gewyde artikel in die gewyde blad verwytend geloer het nie. Daar is 'n skynbare be-heersdheid in die paragraaf wat hier-oor handel. Luister hierna: „As die verwyt” — nl. dat die kerk deur enige versuim van sy kant die kom-munisme sou bevorder (terloops, wat niemand só beweer het nie) — „gegrond is, sou mense Christus ook kon verwyt oor die maatskaplike misstande van sy tyd, om niks te sê van die duiwelbesetenheid waarteen Hy huis opgetree het nie.” Wie kan egter hier lees sonder om die histerie ook hier te verneem? Jy, afskuwelike gelaat van „maatskap-like misstande”, gaan loer vir Christus, man! Gaan sê vir Hom dis sý skuld dat jy nog hier is, dis nie myne nie! Die kerk, van wie ek die mondstuk is, het gepreek, send-ingwerk gedoen, barmhartigheids-diens verrig, alles honderd persent. En die kommunis daar by jou wat my so verwytend aankyk asof hy daar is omdat ek nie my plig behoorlik gedoen het nie, ek vervloek hom, ek beoefen in my prediking en geskrifte en simposia die exorcisme teen hom, desnoods met Bundy uit Amerika as my leidsman en raadgewer oor hoe ek daarin moet staan om presies te weet waar „links” is. (Tot Beyers Naudé en die Christelike Instituut het ek aan daardie kant gekry en voor kerk en volk ontmasker — „n motor met versteekte nommerplate”). As ek enige skuld moet hê daarvan dat julle albei nog hier is, die „maatskaplike misstande” en die „duiwel-besetene”, moet Christus ook maar die skuld hê. Meer as wat ek gedoen het om julle uit te wis, kon Hy nie gedoen het nie. Daarom is ek totaal

onskuldig aan julle aanwesigheid, net so totaal onskuldig as wat Christus daaraan was dat daar maatskaplike misstande en duiwelbesetenes was, en oorgebly het, in die wêrelde waarin Hy opgetree het.

Kan enige selfregverdiging fanatiever, absurder wees as dit? Maar is daar ook 'n skulderkenning wat duideliker kan spreek as so 'n histeriese selfregverdiging, waarvan *Die Kerkbode* self besef dat dit in die lasterlike oorgaan het?

DIS HY!

Maar tipies, dan keer *Die Kerkbode* hom weer teen Beyers Naudé — dié beroerder wat met sy lastige vingerwysinge vir die hele pandemo-nium verantwoordelik is. Dis hy! Dis hy! Sy groot moeilikheid is dat hy 'n politieke beleid van een-man-een-stem voorstaan en integrasie wil hê in kerk en maatskappy. En omdat die kerk dit nie verkondig nie, daarom sê hy ons bevorder die kommunisme.

Die waarheid is egter dat nog ds. Naudé nog die Christelike Instituut so 'n beleid voorstaan en as die enige Christelike beskou en propageer. Selfs nie eers die Progressiewe Party staan dit voor nie. „Oorsee en hier te lande” is dit algemeen bekend. Al waarvoor Beyers Naudé onver-moeid pleit en ywer, is dat die Christelike gemeenskap nie op die altaar van die apartheidsgod geoffer sal word nie, dat in die situasie in Suid-Afrika waar die „wet van apartheid” sy aansprake steeds ster-ker en absuluter maak om die weg van heil vir ons uit te meet, die Wet van God ons lewenswet sal bly, en dat die swaarste van die wet, die reg en die barmhartigheid en die trou, nie in al ons legalistiese vroomheidsbeoefeninge en selfreg-verdiginge verstik sal word nie.

HARTSEER

Die Kerkbode, enfant terrible van 'n „eie Suid-Afrikaanse” apartheidsteologie, doen 'n beroep op ds. Naudé „om op sy reise oorsee en hier te lande af te sien van hierdie soort kritiek op die kerk”. Maar wat kan 'n mens vir *Die Kerkbode* sê?

Ek weet ek praat namens talle lidmate van die N.G. Kerk en vertolk die diepe besorgdheid van baie harte as ek, wat aan *Die Kerkbode* gesê moet word, in die direkte rede

so aan hom stel: *Kerkbode*, hoe hartseer laat jy 'n mens word oor die N.G. Kerk. As jy die vertolking moet wees van wat die N.G. Kerk is, ontpers dit die bittere smartkreet aan vele harte: Is die N.G. Kerk nog

Kerk van Christus? Kyk wat het jy nou weer gedoen. Terwyl jy met 'n kwasi-teologiese argumentasie die taal van die politieke uitbuiters van Christus en sy Kerk spreek, en vir hulle wys hoeveel beter as hulle

hy vir Beyers Naudé na die modder kan sleep — op 'n teologies-gefundeerde manier — is jy besig om die N.G. Kerk, oorsee en hier te lande, goedkoop, bespotlik, ja veragtelik te maak.

SINODALE BESLUIT OOR CHRISTELIKE INSTITUUT OP REKENING VAN DIE HEILIGE GEES GEPLAAS

Die scriba van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, ds. A. J. V. Burger, het 'n week ná die Sinode sy bedroewende besluit oor die Christelike Instituut geneem het, en 'n dag nadat dit met voldoening in 'n politieke dagblad deur die rubriekskrywer Neels Natte begroot is met woorde wat sterk herinner aan iets soos „Roma locuta, causa finita est”, in dieselfde politieke dagblad die „kinders van die kerk” met die volgende woorde ingelig oor die gesag van die besluit: „Die Kerk, ons Moeder, het onder leiding van die Gees van God gepraat en vermaan en verwag dat haar kinders sal gehoorsaam.”

LIEWER NIKS

As ds. Burger maar liever niks oor hierdie besluit gesê het nie! Laat ons egter aanneem dat Neels Natte en 'n talryke politieke kroos kragtens 'n stille (geheime?) ooreenkoms met stoere „broeders” in die huis van „Moeder” formeel daarop geregtig was om presies te weet hoe die houding wat Neels op politieke gronde teen die Instituut ingeneem het („vanweë sy sterk liberalistiese uitsprake ook oor politieke sake”) lyk as dit in 'n sinodale besluit „op kerklike gronde” gestalte gery het. Laat ons ook aanneem dat die verpligting wat die scriba teenoor Neels het om sy koerant die eerste, nog voordat die Instituut enige amptelike berig daaroor ontvang het, met 'n volledige bekendmaking van die bewoording van die besluit te vereer, groter is as die verpligting wat hy teenoor die Instituut-renegate het. Daarmee en al was dit egter erg genoeg dat ds. Burger dit oor sy hart kon kry om 'n besluit soos hierdie woord vir woord in die religieuze rubriek van 'n apartheidskoerant voor die publieke oog uit te spel. Hier kan almal dit nou lees. Die eerste persberigte was geen wolaarstorie nie. Dit was werklik wat die Sinode in Bloemfontein gedoen het: Sonder om 'n enkele grond uit die Skrif of die belydenisskrifte van

die kerk aan te voer, en sonder om een enkele lid of ampsdraer van die Instituut aan 'n ondersoek wat geloof en leer betref, te onderwerp, het hy die Christelike Instituut verwerp, o.m. op grond daarvan dat dit 'n dwaalrigting is wat die suiwere leer ondermy, dat dit 'n organisasie is wat daarop uit is om almal wat voorgee om Christene te wees (skyn-Christene!) saam te snoer.

DIE ERGSTE

Ek wil nie verder aanhaal nie, maar die hele besluit met al sy anomalieë en absurditeite staan daar woordeliks, in sy totale ongelooflikheid, in Neels Natte se koerant. Dit op sigself, sê ek, en die klaarblyklike voldoening waarmee ds. Burger („op kerklike gronde”) dit in 'n roerende eensgesindheid met Neels (op politieke gronde) aanbied, is al erg genoeg. Maar wat vir 'n mens een te veel is, is dat ds. Burger, sonder om te blik of te bloos, dit op die rekening van die Heilige Gees plaas.

GEBED VIR DIE KERK

Daar is nog mense in die N.G. Kerk wat hierdie Kerk innig liefhet omdat hulle DIE KERK in hom soek. Hulle soek die Beeld van Christus in die N.G. Kerk. Hulle soek „die heilige vergadering van die ware gelowiges in Christus, wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, gehilig en versoe'l deur die Heilige Gees.” (Nederlandse Geloofsbelijdenis, Art. 27) — die ware kerk wat van die valse daarin onderskeie is dat hy nie aan homself en sy verordeninge meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God nie, omdat hy hom aan die juk van Christus wil onderwerp; dié kerk wat ook daarin as die ware van die valse onderskei word dat hy hom nie meer op mense as op Christus grond nie, en dat hy nie diegene vervolg wat heilig lewe na die Woord van God en die (valse) kerk oor sy ge-

breke, gierigheid en afgodery bestraf nie. (Vgl. Ned. Geloofsbelijdenis, Art. 29). Hierdie kerk wil hulle in die N.G. kerk vind omdat hulle juis die N.G. Kerk innig liefhet. Dat hierdie kerk, die liggaam van Christus, (weer) in die N.G. Kerk gestalte sal kry, is 'n saak van hulle vurigste gebede. Dit verklaar ook vir ds. Burger, „hoe dit rym” dat „drie gewese predikante” van die N.G. Kerk enersyds die sinodale besluit ten diepste betreur as 'n ontstellende aanduiding daarvan dat dié Kerk besig is om onder die heerskappy van Christus uit te kom en in die greep van menslike willekeur te val, terwyl hulle dit andersyds tog as hulle innigste hartbegeerte uitgespreek het om in die N.G. Kerk te bly.

NUWE MÔRE

Maar kan die scriba van die Algemene Sinode begryp hoe swaar die liefde vir die N.G. Kerk op die proef gestel word deur so 'n optrede van die Sinode, en, nog meer, deur sulke woorde uit die mond van sy scriba?

Daar is voorwaar **genade** nodig om te bly glo dat Christus die Hoof en Heer is van die N.G. Kerk. Slegs deur dié genade sal ons tot die bitter-einde kan volhou dat die N.G. Kerk nie die Natte-familie cum suis se gedienstige ou sloofmoeder is nie, maar Christus se heilige bruid; of liever: totdat die nuwe môre weer vir ons dierbare Kerk sal aanbreek.

BEN ENGELBRECHT.

SCHOLARSHIPS

A limited number of scholarships tenable for up to three years from October, 1967, for male matriculants or for male students with a basic degree are being offered by Brasenose College, Oxford. For further details write immediately to The Secretary, B.N.C. Overseas Scholarship, Brasenose College, Oxford, England, or to Mr. F. J. van Wyk, 408 Dunwell, 35 Jorissen Street, Braamfontein, Johannesburg.

BRIEWE - LETTERS

DIE GROEPSGEBIEDEWET, DIE KLEURLINGE EN DIE N.G. KERK

Dr. A. M. Hugo, Stellenbosch.

Onderstaande brief is deur die skrywer aan *Pro Veritate* gestuur nadat Die Kerkbode geweier het om dit te plaas. Na ons verneem, het Die Kerkbode die volgende redes daarvoor aangevoer: Die trant waarin dit geskryf is; die onhoudbare eensydigheid en gebreklike inligting van waaruit die skrywer argumenteer; die nutteloosheid daarvan vir goeie verhoudinge en vir die sendingwerk van die N.G. Kerk. Die skrywer is deur Die Kerkbode daarop gewys dat amptelike kerklike instansies gevrae tyd reeds die verstedeliking van die Kleurlinge bestudeer het en met die oog daarop beplan het, en in dié verband is die opmetingswerk van ds. J. C. N. Mentz en die werk van die Skiervilandse Sendingraad genoem. Ook is melding gemaak van 'n skakelkommissie van die N.G. Moeder- en Sendingkerk wat in die lewe geroep is en deur onderhandelings met die Regering daarin geslaag het om gunstiger vergoeding vir kerke en sale van Sendinggemeentes te verkry.

*Nu sorgvuldige oorweging het die redaksie van *Pro Veritate* besluit om hierdie brief, soos dit aan Die Kerkbode gestuur is, onveranderd te plaas. Ons doen dit as 'n teken van ons diepste afkeuring van die feit dat 'n amptelike kerklike orgaan in sy keuring van brieve van kerklidmate, party-politieke simpatieë blybaar sterker laat spreek as die geregtigde kommer van gelowiges oor die gevolge van die apartheidsbeleid vir die kerk. Die onverbloemde party-politieke aanhanglikheid van Die Kerkbode is meer as verontrustend. Voorts is ons van oordeel dat die brief van dr. Hugo en die menings daarin uitgespreek, publikasie verdien — veel wyer nog as wat Die Kerkbode of *Pro Veritate* daarvan kan gee. In hierdie menings word o.i. 'n besorgdheid onder woerde gebring wat in wye kringe deur gelowiges in ons land en deur lidmate van die N.G. Kerk gedeel word. In hierdie verband verwys ons na die volgende uitspraak van ds. J. A. J. Steenkamp, moderator van die N.G. Sendingkerk, in sy openingsrede by geleentheid van die vergadering van die negentiende Sinode van die N.G. Sendingkerk te Worcester op 19 Oktober 1966: „Ge-paardgaande met die verstedelikingsproses" (van die Kleurlingbevolking) „moet ons ook die ontsettende ontwrigting van die kerklike lewe noem as gevolg van die toepassing van die Wet op Groepsgebiede deur die verskuiwing van mense buite gemeentelike verband. Hoesoek elke regdenkende ook al die opruiming van kroonhuise verwelkom en die hervestiging van mense in fatsoenlike huiskommaatskaps, bly dit 'n feit dat, veral in die stedelike gebiede, ou gevestigde gemeentes sodanig gedisintegreerd gepraak het, dat aanhangers van die Kerk soos skape sonder 'n herder aan die*

dwaal gegaan het. Vir vele is die uit-einde dat hulle kerkvervreemd raak en van vooraf die voorwerpe word van spesiale bearbeitding deur kerklike instansies op die soektoog na verlorenes." Die Ligdraer, 1 Nov. 1966, bl. 333).

— Redakteur.

* * *

Met groot belangstelling het ek in u uitgawe van 7 deser die artikel van ds. W. J. van der Vyver oor *Die Stryd van ons Sendingkerk in die Stad* gelees. Die skrywer wys daarop hoe die Kleurlinggemeenskap van die N.G. Kerk „op gevoelige wyse getref word" deur die toepassing van die *Groepsgebiedewet*, terwyl die Moederkerk feitlik nie geraak word nie. Hy vestig ons aandag op die ontstellende feit dat die grootskaalse verskuiwings van Kleurlinge na ander gebiede tot gevolg het „dat talle lidmate van die kerk vervreemd raak", en dat kerkgeboue en skole wat aan die getroffene gemeentes behoort, nou „feitlik waardeloos word", sodat daardie gemeentes groot geldelike verliese ly en voor ontsaglike probleme te staan kom waar hulle met alle spoed nuwe kerkgeboue teen hoë koste in die nuwe woonbuurtes moet oprig. Ons kerk is agter, en volgens die skrywer raak ons selfs „al verder agter" in plaas van dat daar gevorder word. „Die werk wat met soveel toewyding en opoffering oor baie jare opgebou is, dreig nou om groten-deels tot niet te gaan."

Dit is 'n ontstellende saak wat hier-aangeroer word. Dit laat talle vroeë by 'n mens opkom. Mag ek net *drie* van die vroeë deur middel van u blad uitspreek?

1. In die eerste plek: waarom het hierdie ontwikkeling van sake ons N.G. Kerk en ander kerke so onvoorbereid getref? Daar bestaan tog allerlei Rade en Kommissies wat op hoogte was van wat die Regering van plan was om te doen, en wat miskien selfs by geleentheid daaromtrent geraadpleeg is. Het hulle nie voorsien watter ontwrigting en chaos deur hierdie ingrypende mense-verskuiwings veroorsaak sou word nie? Het hulle nie voorsien watter geestelike en materiële skade dit noodwendig aan die kerklike lewe van die Skiervilandse Kleurlingbevolking sou berokken nie? Ek moet aanneem dat hulle dit wél voorsien het, want hulle was tog seker almal mense met helder verstand. Maar hoe kom dit dan nou dat die gemeentes van ons eie kerk en van ander kerke tog op hierdie noodlottige wyse uit-mekaargeruk word? Ek staan hier voor 'n raaisel.

2. Hoe moet ons as N.G. Kerk hierdie saak teenoor ons eie Kleurlinglidmate verantwoord? Ons sê dat ons hul Moeder is; maar hierdie wette wat soveel leed en verbittering en ontworteling onder die lidmate van ons Dogterkerk veroorsaak, is in ons naam op die wetboek geplaas! (Ek sê ons, want ons is as Afrikaners almal mede-verantwoordelik, ongeag ons persoonlike menings). Ons amptelike kerkblad hou ook voortdurend aan ons voor *hoe goed, hoe regverdig, en hoe christelik* die huidige beleid is waarvan die *Groepsgebiedewet* 'n

logiese onderdeel uitmaak. Dit is ongetwyfeld maklik om so-iets te beweer teenoor diegene wat self die wet vir ander neerle en sorg dra dat hulle nie self geraak word nie. Maar hoe gaan *Die Kerkbode*, of trouens enigeen van ons wat blanke lidmate van die N.G. Kerk is, hierdie bewerings staande hou teenoor 'n Kleurlinglidmaat van ons kerk wat op ons bevel sy huis, sy omgewing, sy kerkgebou — alles wat vir 'n mens dierbaar is — waarwel moet sê; wat teen 'n nominale prys moet verkoop wat hy deur jare van swaarkry opgebou het, en wat hy nie wil verkoop nie; wat ten duurste moet gaan koop of bou wat hy nie wil koop of wil bou nie, en met sy vrou en kinders moet gaan woon in 'n omgewing waar hulle nooit begeer het om te woon nie? Hoe verantwoord ons dit teenoor kerkrade wat skielik te staan kom voor die totale ontbinding van hul gemeentes en die totale verlies van hul kerklike eiendomme en geboue? — As iemand kans sien om sulke dinge as *regverdig* en selfs as *christelik* te bestempel, dan weet ek regtig nie meer wat daardie woorde beteken nie.

3. Ten slotte wil ek vra: waarom hoor ons as lidmate van die N.G. Kerk so min van hierdie dinge? Die toestand wat deur ds. Van der Vyver geskets word, is 'n *noodtoestand* wat die ganse toekoms van die N.G. Sendingkerk in die Westelike Provincie gaan affekteer. Maar *Die Kerkbode* het geen boodskap, en *Die Voorligter* gee geen voorligting daaromtrent nie. Waarom? Ek is die afgelope tien jaar en meer al 'n gereelde leser van *Die Kerkbode*, maar ek kan my nie herinner dat die lezers van hierdie blad ooit ingelig is oor wat daar in die Kaapse Skiereiland en op al die dorpe van die Boland besig is om te gebeur nie. (Hier op Stellenbosch, waar ek woon, moet die Kleurlinge eersdaags ses kerke en vyf skole nutteloos agterlaat).

Gaan hierdie dinge ons nie aan nie? Is dit nie belangrik genoeg om 'n hoofartikel en 'n hele reeks van artikels met feitelike inligting in ons kerklike blaai te regverdig nie? Die apostel Paulus teken de Kerk van Christus as 'n organiese liggaam, en dan sê hy: „As een lid ly, ly al die lede saam" (1 Kor. 12:26). Ons Dogterkerk onder die Kleurlinge maak tans 'n tydperk van *lyding* deur. Op die plaaslike vlak doen ons blanke kerkrade alles in hul vermoë om die sendinggemeentes by te staan, en saam met hulle die beste te probeer maak van 'n haglike saak. So ook hier op Stellenbosch. Maar waarom bemerk ons geen teken van 'n bewuste *saam-ly* in *Die Kerkbode* nie? Waarom word nie aan alle lidmate van ons kerk 'n omvattende totaalbeeld gegee van wat aan die gang is nie?

NO IMMEDIATE DANGER

Mr. J. A. Duigan, Pretoria.

An article in the October issue of *Pro Veritate* by the Rev. D. Bax entitled "Has the D.R.C. become Roman Catholic" will surely shock some readers.

As an ordinary Catholic, speaking unofficially, I suggest that there is no immediate danger to such a happy event taking place!

Reference is made by Mr. Bax to a statement by the Breë Moderatuur of the N.G.K. on 15th November, 1963, that it "kan die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut nie goedkeur nie omdat — (1) die Instituut lei tot die bestryding van die rasie en ekumeniese standpunt van die kerk; (2) die Instituut hom begeef op die terrein van die kerk . . . en dus kan verwarring skep; (3) die N.G.K. . . die nodige liggame en kanale vir konsultasie en samewerking geskep het."

INFALLIBLE CHURCH

Mr. Bax finds this attitude of the N.G.K. to be "pure Roman Catholic" inasmuch as it implies infallibility of the N.G.K. He, of course, automatically rejects the Catholic claim to "an infallible church with fallible members", and thus overlooks Matt. XXVIII-20 "I shall be with you all days until the end of the world." He, Jesus Christ, also sent the Holy Spirit to keep His Catholic Church as the "pillar and ground of truth", having promised that "the gates of hell would never conquer His Church". (Matt. XVI-18). It is strange that Mr. Bax overlooks the fact that every Protestant Church claims infallibility. Listen to Luther: "Whoever teaches other than I teach condemns God and must remain a child of hell . . . I can hear and endure nothing which is against my teaching". (Saemtliche Werke Vol. 28 p. 347), and Calvin, "God has conferred on me the authority to declare what is good and what is bad" (Lettres Francaises, Vol. 1 p. 389).

SCRIPTURE

As Mr. Bax points out "Protestantism claims to be based on Scripture", I shall be glad to learn the scriptural basis for the infallibility implied in the statements of Luther and Calvin. He also blames the N.G.K. for ignoring Scripture, "just as the Roman Catholic Church does." He is evidently unaware of the fact that the Catholic Church existed before a word of the New Testament was written, and that it was eventually written by Catholics who had been personally instructed by Jesus Christ. After the completion of the New Testament the Catholic Church collected all the Old Testament writings and carefully sifted

the wheat from the chaff, then the authentic books of the Old Testament were combined with the New into the Bible. This complete Bible was accepted by the Council of Hippo A.D. 350 and confirmed by the Council of Carthage A.D. 357.

Over the following 1,100 years the Catholic Church through its priests and monks, carefully copied the Bible in manuscripts (many of great beauty still exist) until the discovery of printing in 1450. From 1450 tot 1522, when a "translation" by Luther appeared, the Catholics had printed over 600 editions (19 in German).

Luther laid down as a basis of Protestantism that everyone was entitled to use private judgement in interpreting the meaning of Scripture — which, of course, led to chaos and the multiplication of churches just as II Peter 1-20 warned, "no prophecy of Scripture is of private interpretation."

Calvin laid down also in his Institutes: "anyone who starts a new church divides the body of Christ".

'N BIETJIE LAAT?

Mnr. A. J. J. Burger, Pk. Witvlei.

Ek verwys na die korrespondensie tussen prof. Ridderbos en prof. Verhoef in *Die Kerkbode en Gereformeerde Weekblad*. Oor die algemeen het dit in 'n mooi gees geskied. Daar was iets van die Christelike broederskap te bespeur.

Prof. Verhoef maak daarin die bewering dat Nederland veral rondom die begin van hierdie eeu een van die weinige lande was wat geweier het om in die wêreldkoor saam te sing teen Suid-Afrika. Sedert die Tweede Wêreldoorlog egter, aldus prof. Verhoef, het Nederland hierdie standpunt verlaat en begin saam sing in die koor wat Suid-Afrika "the darkest spot on earth" (Alan Walker) noem, en wat roep dat Suid-Afrika ten onder gebring moet word.

Ek glo nie dat prof. Verhoef bewysgronde het vir hierdie laaste deel van sy stelling nie.

SINLOOS

Die hele korrespondensie tussen die twee professore het ontstaan as gevolg van die beswaar wat die Kaapse Sinode gemaak het teen die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan dr. Martin Luther King deur die Vrije Universiteit in Nederland. Hierdie beswaar het sekerlik nie daartoe bygedra om ons in 'n beter lig te stel by Nederland nie. Dit was oorbodig en sinloos. Die algemene kerk-

like publiek het maar bitter min kennis gedra daarvan, en ek wil beweer dat daar in die Sinode ook baie was wat maar net met die koor saamgesing het. Dit het dr. King net in die kalklig geplaas — iets wat nooit sou gebeur het as die Sinode hom nie daartoe geleen het nie.

Daar was tog stellig baie nuttiger sake waarmee die Sinode hom kon besig hou as om hom te bemoei met die doen en late van die Vrije Universiteit. Dit is nog lank nie 'n uitgemaakte saak dat dr. King heul met die kommuniste nie.

Prof. Verhoef wek met sy bewering die indruk dat hy nie kan verstaan waarom Nederland tydens die Tweede Wêreldoorlog teen ons gedraai het nie. Miskien is dit nodig dat die geheue van die geagte professor opgefis moet word. Dit is moeilik om te glo dat hy nie baie goed weet waarom dit gebeur het nie. Trouens, as ons in die posisie van Nederland was, sou ons houding baie feller gewees het.

GESOEK WAT ONS KRY

Ek wil 'n billike vraag stel: Wat was ons (wat ons destyds die ware Afrikaners genoem het) houding teenoor Nederland toe hierdie land onder die Nazi-hiel deurgeloop het? Dis seker nie nodig om 'n antwoord hierop te gee of te soek nie. Ons almal wat destyds aktief in wêreldgebeure belang gestel het, weet maar te goed dat dit Nederland was wie se jong Koningin in oorlogskip gestuur het om ons geëerde ou President te laat haal en uit die hande van die vyand te red. Wat was ons dank aan hulle in die Tweede Wêreldoorlog? Het hierdie sogenaamde opregte Afrikaners hul lot by haar verguisde volk ingewerp of enige simpatie betoon met haar vertrapte volk of met haar as banneling? Het ons nie toe gesoek wat ons vandag kry nie? Ons moet nou maar slap op die bed wat ons self opgemaak het. Die Nederlandse volk is mense wat nie maklik vergeet nie. En ek vrees dat ons nie kan terugwin wat ons verloor het met sulke bewerings soos dié van prof. Verhoef nie. As ons ons houding gedurende Nederland se uitmoording deur die Nazimagtig in ag neem, is dit nogal verbassend dat daar nog soveel Nederlanders is wat ons goedgesind is. Dit was eers toe dit duidelik geword het dat 'n Nazi-oorwinning nie meer moontlik is nie, dat die Kaapse Sinode van destyds besluit het dat die Naziëisme uit die bose is. Toe was dit egter te laat.

Destyds wou hulle wat hulle so graag Christen-Afrikaners genoem het, geloleerd staan en het gemeen dat ons sonder die buitewêreld kan klaar kom. Wat is die posisie vandag? Nee, nou veg ons dag en nag om sake in 'n beter, ja, in die regte lig te stel in die buitewêreld.

Is ek verkeerd as ek sê dis 'n bietjie laat?



PRO
VERITATE